001

HOËRSKOOL OOS-MOOT

WERK EN OORWIN


Jaarblad

1955

PRETORIASE

EEUFEES

1855 - 1955



100

UNIEWINKELS

is 'n Amptelike Verskaffer van alle skooldrag vir

DIE HOËRSKOOL OOS-MOOT.

Vir die Dogters:

Kleurbaadjies
Dasse
Sakwapens
Sasstella
Kniebroekies
Skoolskoene
Springjurke
Springjurkgordels
Pannamahoede
Berette

Vir die Seuns:

Kleurbaadjies
Swart skoene
Swart kouse
Sajetbroeke, grys (lang en kort)
Hemde (Spesiale skooldrag)
Skoolpette
Rugbytruie
Rugbykouse
Rugbyskoene



U WAARBORG: U sal in u noppies wees met u inkopies by Uniewinkels! Wanneer 'n klant oor Uniewinkels se drumpel stap, voel hy dat sy ondersteuning waardeer word, voel hy tuis en op sy gemak, vind hy dat slegs goedere wat die stempel van gehalte dra vir hom aangebied word. Uniewinkels weet dat 'n tevrede klant sy beste advertensie is.

UNIEWINKELS

VOLLEDIGE DAMES-, MANS- EN KINDERUITRUSTERS EN SNYERS.

Kerkstraat 275, PRETORIA.



„Elke Sigaret 'n Meesterstuk"

Rembrandt is 'n mengsel van ryk
beleë virginiese tabak; gewaarborg
100% suiwer, eerstegraadse blaar.

Rembrandt

KURK, ONGEKURK OF FILTER - STANDAARD EN VAN RYN GROOTTES

„Die sigaret wat u altoos graag wou rook"

Kopiereg

RA 136x

Eeufeesaangeleenthede

Graag wil ek die Hoërskool Oos-Moot gelukwens met sy besluit om sy jaarblad 'n eeufeeskleur te gee. Dit is vir my 'n goeie teken dat die skool hom hiermee direk aanskakel by die stad wat nou hierdie belangrike mylpaal in sy geskiedenis bereik.

Die ongeëwenaarde ontwikkeling wat in die afgelope tien jaar in Pretorie plaasgevind het en wat nog nie sy hoogtepunt bereik het nie, word miskien nêrens beter weerspieël as in die snelle toename in die aantal skole nie. Vandag is die getal hoërskole groter as die van alle staatskole wat sowat veertig jaar gelede in die stad was.

Duisende jong mense tree elke jaar nadat hulle hul skoolopleiding voltooi het, tot ons samelewing toe en begin hulle rol in die openbare lewe speel. Pretoria is trots op die standaard wat hulle handhaaf, en graag wil ek met hierdie geleentheid dan ook die Hoërskool Oos-Moot gelukwens met wat die skool reeds in hierdie opsig presteer het. Mag sy toekoms ten alle tye rooskleurig en belowend wees.

H. MULLER,

BURGEMEESTER VAN PRETORIA.

OPDRAG.

Die leerlinge van die hoërskool Oos-Moot dra hierdie jaarblad in dankbaarheid op aan die stigters en bouers van ons mooi en voortreflike stad.

M. W. Pretorius en die Stigting van Pretoria

Marthinus Wessel Pretorius is op 17 September 1819 gebore op Pretoriuskloof, digby Graaff-Reinet as die oudste seun van die jeugdige egpaar A. W. J. Pretorius en Christina Petronella de Wit. Dit was hom bestem om sy vader op te volg as leier en eerste president te word van die Zuid-Afrikaansche Republiek.

Hy is op 4 Augustus 1853 deur die Krygsraad voorgestel as opvolger van Andries Pretorius tot kommandant-generaal van Wes-Transvaal. Die Rustenburgse Kommissieraad het hom op 9 Augustus ingesweer en die Volksraad het dit op 20 September goedgekeur.

Die Kommissieraad het bestaan uit minstens 5 Volksraadlede wat sake van dringende belang kon afhandel wanneer die Volksraad nie in sitting is nie, maar hulle besluite moes by die eersvolgende Volksraadsitting goedgekeur word.

Marthinus Pretorius sou probeer om sy vader se onvoltooide werk voort te sit. En dit was geen gemaklike of benydenswaardige taak nie. Daar was naturellemoeilikhede; die Vrystaat was nog steeds onder die Engelse vlag en in Transvaal was daar geen eenheid tussen die drie groepe nie, Lydenburg, Zoutpansberg en Wes-Transvaal nie.

Marthinus Pretorius het eerstens aandag gegee aan sy eie landstreek. Beide hy en kommandant-generaal Piet Potgieter het op 9 Augustus 1853 — dus 'n dag na Pretorius se aanstelling as kommandant-generaal — by die Rustenburgse Kommissieraad voorgestel:

„om de zittingsplaats der Volksraad te bepalen in het midden des lands dewyl dit tot grooter gemak der geheele bevolking strekking zou".

'n Sentrale setel vir die Volksraad was prakties noodsaaklik, want die Transvaal was uitgestrek, die bevolking yl gesaai, die afstande lank en die vervoer gebrekkig. Dit was dan ook haas onmoontlik vir die Volksraadslede om die sittings gereeld by te woon en die onvoltallige sittings het die eneheidsbeweging ernstig in die wiele gery. Die Kommissieraad het dit ook besef en die saak na die eersvolgende Volksraadsitting verwys.

Pretorius het die saak egter nie daar gelaat nie en binne twee weke na hierdie besluit het hy aan die Volksraad, wat toe nog nie vergader het nie, geskryf dat hy 'n geskikte plek vir die sentrale nuwe dorp gevind het. Hy het dan ook sommer by voorbaat die twee plase van J. J. P. Prinsloo en A. van der Walt vir 8,000 riksdalers gekoop. Verder versoek hy die Volksraad om die nuwe dorp voorlopig nie 'n naam te gee nie —

„De naam, die het zullen krijgen aan ons te late, en als wy er rypelijk over gedacht zullen hebbe, zal wy het die Ed. Volksraad behoorlijk kennis van geve."

Die Volksraad het op 19 September 1853 op Lydenburg vergader en was glad nie so entoesiasties as Pretorius nie; inteendeel, hulle het die versoek van die hand gewys omdat die nodige fondse ontbreek het vir die aanlê van nuwe dorpe en dat sake betreffende 'n bepaalde setel nog nie so gereël is dat tot so 'n stap oorgegaan kon word nie.

Pretorius het egter nie moed verloor nie en met die daaropvolgende sitting van die Volksraad op Potchefstroom dien hy weer op 30 November 1853 'n versoek in dat die plaas van J. J. P. Prinsloo moet goedgekeur word vir 'n „Colonieplaats of Dorp". Hy het egter spoedig sy voorstel teruggetrek —

„Door de verschillende gevoelens der Leden heeft z.E. zyn verzoek terug gevraagd".

Twee jaar lank is daar nie weer aan die saak geroer nie. Intussen was daar meer as genoeg vir die jong Kommandant-Generaal om te doen. Hy het probeer om die O.V.S. met Transvaal te verenig dog dit het misluk; die naturellebedreigings het sy onmiddellike aandag vereis en kerksake — 'n aspek waar daar vroeër volkome eenheid onder die Transvaalse Voortrekkers was — het in 'n verkeerde rigting ontwikkel.

In November 1855 vergader die Volsraad weer op Potchefstroom en Pretorius herhaal weer by die sitting sy versoek in verband met die nuwe dorp. Sy versoek staan soos volg opgeteken in die Volksraad-notule:

„Voorgekomen den commandant generaal, M. W. Pretorius, vragende of de twee door ZE. gekochte plaatsen, van de heeren Prinsloo en van der Walt, voor een dorp kunnen worden aangenomen; de raad keurt dit voorstel voor goed en naamt de twee plaatsen aan tot een dorp onder die benaming van ‚Pretoria'".

Daar moet egter hier bygevoeg word dat in die vorige jaar, 1854, hier reeds 'n gemeente gestig is en dat Marthinus Pretorius persoonlik toesig gehou het oor die bou van die kerk. Hierdie kerkplaas is ter nagedagtenis van A. W. J. Pretorius „die niets onbeproefd hebbe gelaten om zyn landgenoten vry en gelukkig te maken" die naam ontvang van Pretoria Philadelphia of „Pretorius Broederschapp".

So was die latere hoofstad eers kerkplaas en M. W. Pretorius se ideaal omtrent 'n sentrale vergaderplek verwesenlik. Daar sou egter nog vier jaar verloop voor die eerste verenigde Volksraad van die Zuid-Afrikaansche Republiek hier vergader.

G. D. J. Duvenage.

GALGUTS GARAGE

(EDMS.), BEPERK

Voortrekkerweg 500, Gezina

PRETORIA

Fone 70-5241 — 70-2774 — 70 52 31
Posbus 726, Pretoria

DIE MOTORIS SE BESTE VRIEND

Sub-handelaars vir alle Ford Produkte

REPARASIES, ONDERDELE EN BYBENODIGDHEDE

Ons doen die beste Uitklop- en Sproeiverfwerk

teen die Billikste Pryse

PROBEER ONS EERS EN STEL USELF TEVREDE

KONTRAKTEURS AAN

O.H.V.S. — KOOPKRAG — E.B.T.M.A.A. — I.E.M.A.S.

A. W. J. Pretorius se Laaste Amptelike Brief.

Toe Andries Pretorius, die groot Voortrekkerleier, na wie Pretoria vernoem is, op 23 Julie 1853 sterf, was sy groot ideaal van 'n verenigde Voortrekker-republiek nie verwesenlik nie. Natal is in 1843 geannekseer en nieteenstaande Pretorius se pogings — met die wapen en langs die weg van onderhandeling — het hierdie Voortrekkergebied nooit sy vryheid teruggekry nie. Die gebied tussen die Vaal- en Oranjeriviere (die huidige O.V.S.) is in 1848 tot groot onvergenoegdheid van Pretorius ook geannekseer. Die Oorvaalse gebied (Transvaal) is weliswaar nie geannekseer nie, maar daar was 'n groot vraagteken bokant hierdie enigste vry Emigranteland.

Pretorius se pogings om die O.V.S. se onafhanklikheid weer erken te kry, het uitgeloop op 'n gewapende botsing tussen hom en sir Harry Smith by Boomplaas op 29 Augustus 1848. Pretorius lv die neerlaag en moes as voëlvryverklaarde met 'n prysgeld van £2,000 vir sy gevangeneming oor die Vaalrivier vlug.

Dit geluk hom egter om die Oorvaalse onafhanklikheid in 1852 erken te kry toe die Sandrivier-traktaat op 16 Januarie op die plaas van P. A. Venter in die Noord-Vrystaat deur kommissarisse Hogge en Owen namens die Britse regering onderteken is.

Slegs een van die drie Voortrekkergebiede was dus vry toe Andries Pretorius op 54-jarige leeftyd oorlede is. Bowendien was hierdie gebied (Oorvaal) geensins verenig nie. Hier was drie Voortrekker-groepe — Wes-Transvaal, Lydenburg en Zoutpansberg — wat weliswaar die noodsaaklikheid van eenheid ingesien en die beginsel aanvaar het maar nog baie ver van 'n verenigde republiek was.

Onder hierdie omstandighede het die kranke kommandant-generaal Andries Pretorius sy brief op 13 Julie 1853 aan die Krygsraad geskryf.

Die Krygsraad het op 8 Augustus 1853 vergader en selde, indien ooit, was die Krygsraad wat maar altyd met gewigtige sake te doen het, in 'n ernstiger stemming. Almal was nog diep onder die indruk van die heengaan van hulle wapenbroer. Kommandant-generaal Piet Potgieter van Zoutpansberg, opvolger van Hendrik Potgieter wat op 16 Desember 1852 oorlede is, was ook teenwoordig, maar kommandant Gert Kruger het as voorsitter opgetree. Onder die dokumente wat J. H. Visage, die sekretaris van die ontslape Kommandant-Generaal, met hom saamgebring het, was Andries Pretorius se brief van 13 Julie. Dit is aan die Krygsraad voorgelees:

„Den Edelen Krijgsraad,

Edele Heeren! — Hoe trachtend was ik altoos geweest naar den dag der aanstaande bijeenkoms, om daar met u Ed. te zorgen voor den opbouw onzer kerk en staat, maar het behaagt den Heere niet; derhalwe neem ik de pen op om u nog voor het laatst een paar woorden te scyven, die ik zoo gaarne mondelings nog aan u had willen meedeelen."

Dan vermaan hy die Krygsraad om te werk vir eenheid en om getrou te wees aan mekaar, die staat en God.

„Waakt en bidt, dat geen zaad van tweedracht onder Uld. wortelt, roeit het bijtijds uit. Protecteerd uwe kerk; als de Christelijke godsdienst onder u vervalt, vervalt uwe staat, vervalt de zegen van uw land en volk. Weest elkander getrouw in alles wat gij aanvangt te doen, doet het met den Heere."

Verder waarsku hy dat hulle nie moet stry oor sy opvolger nie. Maar as hulle keuse gedoen is, moet hulle sy opvolger onderdanig wees. In die laaste paragraaf spreek Andries Pretorius tot sy opvolger:

„En gij, mijn broeder, die mijn plaats vervangt, weid het volk Gods in nederigheid en in manmoedigheid met alle rechtvaardigheid en bescheidenheid. Weet dat de Heer uit den hemel ook op u wil neder zien; vraag Hem om zijne genade en zijne bijstand en Hij zal u ondersteunen. Doe nooit iets tot eigen eer; maar beoog in al u doen, de eer van God, en het welzijn van land en volk.

Het is de wens, het is de bede van
Uwen Dienaar en Broeder,
A. W. J. Pretorius, Commdt. Gen."

In eerbiedige stilte is die laaste vermanings van 'n leier en krygsmakker aangehoor. Dit was sterk manne wat hier vergader het, maar vir meer as een het dit te magtig geword. Trane het vryelik gevloei.

Andries Pretorius is begrawe op Grootplaats, sy plaas in die Magaliesberge, onder blyke van groot belangstelling — ook van naturelle-opperhoofde. Op 13 Mei 1891 is sy stoflike oorskot van staatsweë oorgebring en onder besondere eerbetoon op Pretoria herbegrawe.

G. D. J. Duvenage.

VOORTREKKER GARAGE

Voortrekkerweg 765, Wonderboom-Suid,

PRETORIA.

ONS SPESIALISEER IN
ALLE MOTORREPARASIES EN GEBRUIKTE
KARRE, ELK MET 'N WAARBORG.

Telefoon: 70-4705
vir gewaarborgde DIENS

UIT DIE KANTOOR.

Van die Redaksie.

Toe ek 'n paar woorde namens die Redaksie moes skryf, het ek interessantheidshalwe ons eerste twee jaarblaaie te voorskyn gehaal. En dit was veral die eerste waaraan ek aandag geskenk het. U sal onthou: dit was die jaarblad wat ons moes afrol omdat ons nie kon bekostig om dit te laat druk nie. Daarin het ons egter beloftes gemaak wat ons moes nakom, o.a. dat ons dit spoedig sou opvolg deur 'n volwaardige jaarblad. Gedeeltelik is hierdie beloftes in verlede jaar se blad nagekom, maar met vanjaar s'n bereik ons eintlik eers wat ons beoog het. Hierdie jaarblad vorm nl. 'n hoogtepunt in die reeks wat dit voorafgegaan het en wat dit sal volg.

Vanjaar se blad is besonders, eerstens omdat dit 'n weerspieëling is van die besonder heuglike gebeurtenis: die oprigting van ons nuwe skoolgebou. Niemand kan verhelp dat sy gedagtes telkemale met die pragtige vooruitsig van 'n ruim, nuwe skoolgebou besig is nie, aangesien ons reeds twee jaar hier in 'n tydelike gebou sit. Om die lieflike vooruitsig vas te lê, het ons van die vriendelike kontrakteur en subkontrakteurs geleentheidsadvertensies gekry wat almal saam gegroepeer is.

Die tweede rede vir sy besondersheid het u seker reeds op die buiteblad gemerk: ons het dit ingeklee as 'n aandenking aan die eeufees van ons stad. Op meer as een gebied is onderwysers en leerlinge behulpsaam met reëlings en vertakkings van die eeufeesbedrywighede — in ons jaarblad wil ons die unieke jaar ook vas lê. Daartoe het ons die vergunning van die Stadsraad verkry om die stadswapen tesame met ons skoolwapen op die voroblad af te druk. Mnr. J. S. du Toit het die voorblad ontwerp. Ook is ons besonder vereer deur 'n kort woord van sy Edele die Burgemeester, wat u in die blad kan lees. En verder het ook ons onderwyser vir Geskiedenis, mnr. G. Duvenage, twee artikels gelewer wat lig werp op genl. Andries Pretorius (na wie Pretoria vernoem is) en president M. W. Pretorius (die stigter van Pretoria).

Ons dank al die betrokke persone vir hulle aandeel.

Nog twee sakies moet ek aanstip. Die eerste is die afwesigheid van die foto's van atletiekspanne, volkspelegroepe en kore. Hiervoor moet die polio-epidemie vroeër vandeesjaar die skuld kry, want as gevolg daarvan moes die atletiekbyeenkoms van die Pretoriase skole asook die kunswedstryd opgeskort word.

Ten laaste nog 'n woord oor ons bydraers. Danksy die ywer van die leerlinge het ons so veel stukke ontvang dat ons keuring kon toepas en genoeg oorgehou het om 'n dik jaarblad die lig te laat sien. Aan al die leerlinge en nie minder nie, aan die taalonderwysers wat so baie moes lees, ons grondige dank.

J. A. van der Walt.

Die Redaksie Bestaan uit:

Mnre. J. A. v.d. Walt

H. C. A. Venter

J. J. Matthysen

J. H. van Wyk

Mejj. S. Meintjies,

J. C. Pretorius en

S. van Wyk.

Die Administrasie is behartig deur:

Mnre. H. A. Knaap

J. G. Erasmus

C. H. Müller.

FRESH-UP
Vrugte Koeldrank

Drink

TOPPS
Gemmerbier

As u waarde vir u geld wil hê

FRESH-UP en TOPPS word vervaardig deur:—

Capital Mineral Water Works

(Eienaar : ANDREW TAKIS).

McLARENSTRAAT, WAVERLEY, PRETORIA

Foon: 70-2312

RITZ CAFE & GROCERY STORE

McLARENSTRAAT 41, WAVERLEY.

Telefoon : 70-6046.

VARS GROENTE EN VRUGTE DAAGLIKS.
GLASWARE, SNUISTERYE EN SPEELGOED ALTYD IN VOORRAAD.
OOK LEKKERGOED, VARS KOEKIES EN BESKUIT.

KOERANTE EN BOEKE WORD DAAGLIKS VERKOOP

BESTELLINGS WORD GENEEM EN DADELIK AFGELEWER.



DIE BEHEERRAAD.

Voor: Mnr. J. C. Geertsema (Hoof), mev. E. C. Els (Sekretaresse), mnre. T. F. Uys (Voorsitter), B. Muller, Ds. B. P. J. de Klerk.

Agter: Mnre. W. A. Nortje, B. M. van Tonder, T. H. Janse van Vuuren, W. F. Bezuidenhout, F. v.d. Merwe Boshoff.



PERSONEEL.

Voor, l.n.r.: Mnr. G. Duvenage, mev. I. van den Heever, mnr. J. A. v.d. Walt (onderhoof), mej. S. Jackson, mnr. J. C. Geertsema (hoof), mej. S. Meintjies, mnr. H. A. Knaap, mej. S. van Wyk, mnr. J. S. du Toit.

Tweede ry: Mnr. J. Matthysen, mev. A. Schalekamp (sekretaresse), mev. C. du Toit, mev. L. van Rensburg, mej. J. Pretorius, mev. E. Pretorius, mev. E. Pienaar, mej. P. Jansen, mev. A. Burger, mnr. E. Ellis.

Agterste ry: Mnre. J. van Schalkwyk, M. van der Merwe, D. Solomon, J. H. van Wyk, P. v.d. Gryp, J. G. Erasmus, H. Venter, C. Müller.

ONS EERSTE MATRIEKKLAS
EN HULLE ONDERWYSERS.



LEERLINGRAAD.



BIBLIOTEEKPREFEKTE.



SKOOLSAKE.

I. GEBOU EN TERREIN.

Na die verskyning van ons eerste jaarblad aan die einde van die derde kwartaal 1954, het daar groot gebeurtenisse plaasgevind wat groot blydskap by ouers, leerlinge en personeel veroorsaak het. Op 20 Oktober 1954 is tenders gevra vir die oprigting van die nuwe gebou van die hoërskool Oos-Moot aan Haarhoffstraat, tussen 32e en 33e Laan, Villieria. Voor die einde van die jaar was dit bekend dat mnr. V. Moore die tender gekry het. Gretiglik is uitgesien na die dag waarop 'n begin gemaak sou word met die uitgrawe van die fondament. Die gras op die terrein het weelderig gegroei weens die swaar reëns en dit het tyd gekos om die terrein skoon te kry voordat met uitmeting 'n aanvang gemaak kon word.

Dit was dan ook 'n wonderlike en heuglike dag toe dr. T. Wassenaar L.U.K. op 11 Maart 1955 in teenwoordigheid van gaste, ouers en leerlinge die eerste sooi omgekeer het. Met trompetgeskal en roffel van die trom het die hele skool in optog daarheen gemarsjeer vanaf ons huidige gebou. Sover moontlik is die verrigtinge in klank en beeld vas gelê en ook die uitgespitte sooi word in 'n spesiaal vervaardigde kassie in bewaring gehou. Dit sal nog waardevolle aandenkings word soos wat die jare verbysnel. Tot op datum is daar snelle vordering gemaak. Die administratiewe gedeelte se dak is op. Die grondvloer se klaskamers is dakhoogte en 'n groot deel van die betonvloer van die eerste verdieping is reeds gegooi. Indien met hierdie tempo voortgegaan word met die bouery en daar geen vertraging intree nie, koester ons die hoop dat ons volgende jaar met die verskyning van 1956 alreeds ingetrek het, of op die punt staan om die gebou te betrek.

Intussen is ook bekend geword dat ons 'n saal by die skool kry. Graag sien ons dat daar 'n begin met die bou van die saal gemaak word. Wat 'n vooruitsig om 'n komplete gebou, klaskamers, sentra, laboratoria, biblioteek en skoolsaal te betrek!

Ons koester die hoop dat voor die einde van die jaar die terrein tussen Hertzog- en Louis Trichardstraat, tussen 31e en 32e Laan ook gelyk gemaak sal wees sodat sportvelde aangelê en beplant kan word wat ons in 1956 kan gebruik.

Dit is ons 'n behoefte van die hart om al die persone wat hulle vir die saak beywer het, ons innige dank te betuig.

II. INSKRYWING.

Aan die einde van 1954 het die skool gesluit met 'n inskrywing van 385 en begin 1955 was die inskrywing 586, 'n vermeerdering van 201. Die personeel het toegeneem van 18 na 26.

Dit is ook ons eerste jaar dat ons 'n st. 10 klas het, alhoewel net 7 leerlinge.

Aan die begin van die derde kwartaal van hierdie jaar is 221 leerlinge en 9 onderwysers(esse) oorgeplaas na die nuwe Derdepoortse hoërskool sodat ons tans 347 leerlinge het en 17 onderwysers(esse).

Die styging in getalle het dan ook teweeggebring dat vanaf die begin van die derde kwartaal die graad van die skool tot 'n H.A. verhoog is.

Die aanduiding is dat die inskrywing aan die begin van 1956 weer die 500 kerf sal oorskry.

III. PERSONEEL: (Permanent.

1. Mnr. J. C. Geertsema, B.Sc.O2 M.Ed. Hoof — Wiskunde.
2. Mnr. J. A. v.d. Walt, B.A., U.O.D., M.Ed. Onderhoof — Afrikaans.
3. Mnr. J. S. du Toit, B.A., T.O.D., Handwerkdiploma — Handwerk.
4. Mnr. G. D. J. Duvenage, M.A., T.O.D., Geskiedenis en Aardrykskunde.
5. Mnr. E. E. Ellis, B.Sc., T.H.O.D. Algemene Natuurwetenskap.
6. Mnr. J. G. Erasmus, B.A., U.O.D., B.Ed., Noord-Sotho en Beroepsvoorligting.
7. Mnr. H. A. Knaap, B.Sc., H.O.D., B.Comm., Boekhou en Rekene.
8. Mnr. J. J. Matthysen, B.A., T.O.D., Engels en Rekenkunde.
9. Mnr. C. H. Muller, B.A.I., T.O.D., Algemene klaswerk.
10. Mnr. M. F. v.d. Merwe, B.Sc., T.H.O.D., Biologie en Natuurwetenskap.
11. Mnr. J. O. T. van Schalkwyk, B.Sc., T.H.O.D., Biologie en Natuurwetenskap.
12. Mnr. J. H. van Wyk, B.A., T.O.D., Duits en Geskiedenis.
13. Mnr. H. C. A. Venter, B.A., U.O.D., B.Ed., Engels.
14. Mej. S. D. Jackson, B.A., T.O.D., Tik- en Snelskrif.
15. Mej. P. C. Jansen, T.O.D., Huishoudkunde.
16. Mej. S. M. Meintjies, B.Ed. Phys., H.O.D. Afrikaans.
17. Mej. J. C. Pretorius, B.A., U.O.D., Afrikaans, Sang.
18. Mej. S. I. van Wyk, B.A., T.H.O.D., Liggaamsopvoeding, Sang.

Tydelik:

Mnr. D. Solomon, B.Ed., Liggaamsopvoeding.
Mnr. P. J. B. v.d. Gryp, B. Comm., T.H.O.D., Algemene klaswerk.
Mnr. S. N. van Vuuren, B.A., O2. Rekene.
Mev. J. M. Burger, B.A., U.O.D., Algemene Klaswerk.
Mev. C. P. du Toit, T.O.D., Algemene Klaswerk.
Mev. L. Janse van Rensburg, B.A., H.O.D., Algemene klaswerk.

CARR'S

COMMERCIAL COLLEGE

Prinsipale: Mej. R. M. Carr, B.A., U.O.D:
N.H.O.H. (Hoër) (met lof)
(Engels en Afrikaans)

ONDERRIG IN

SNELSKRIF, TIKSKRIF EN BOEKHOU

DAG-, ETENSUUR EN LAAT NAMIDDAG KLASSE

Grootte van klasse word beperk om ambisieuse studente die voordeel van individuele onderrig te gee.

Derdevloer, Transvaliagebou,
Sentraalstraat,
PRETORIA.
Foon: 2-8474.

BESOEK —

SONOP KONTANT – WINKEL

Vir alle
BENODIGDHEDE
en . . . .
VRIENDELIKE
BEHANDELING.

—★—

AFSLAG VIR KONTANT

—★—

H/v. HERTZOGSTR. en 24ste LAAN,
RIETFONTEIN.
Foon : 70-4849.

McLARENSTRAAT 43
UITRUSTER VIR DIE FAMILIE.

HELEENS

FAMILY OUTFITTERS.
Foon : 70-8164.

RIETFONTEIN MANS HAARKAPPERS

(eienaar: F. Williams)

—★—

NOU OOP TE
24e LAAN 740,
H/v. Hertzogstraat.

—★—

TWEE STOELE
FLINKE DIENS

Mev. E. E. Pretorius, B.A., T.O.D., Engels.
Mev. S. I. v.d. Heever, B.A., L.P.O.D., Spes. Dip. L.O., Sang en algemene klaswerk.
Sekretaresse: Mev. A. Schalekamp.

Mnr. S. N. van Vuuren het gedurende die eerste kwartaal 1955, siek geword en toe is sy plek vir 'n maand geneem deur mnr. J. J. Janse van Vuuren en die tweede kwartaal deur mev. E. J. S. Pienaar.

Mnr. C. H. Muller was 'n maand met siekteverlof en is sy plek geneem deur mev. R. S. van der Walt.

Aan die begin van die derde kwartaal is mnre. Ellis, Solomon, v.d. Gryp en mevv. Burger, du Toit, Janse van Rensburg, Pienaar, Pretorius en v.d. Heever oorgeplaas na die Derdepoortse hoërskool.

IV. BEHEERRAAD.

Aan die einde van Junie 1955 het die dienstyd van die eerste Beheerraad verstryk en is 'n nuwe Beheerraad saamgestel.

Aan die lede van die Beheerraad wie se dienstyd ten einde geloop het, wil ons ons innige dank betuig vir die waardevolle dienste wat hulle so onbaatsugtig gelewer het. Aan die pas verkose lede van die tweede Beheerraad wat as volg gekonstitueer is:

mnr. T. F. Uys, Voorsitter,
mnr. B. Muller, L.P.R. Onder-voorsitter.
mev. E. C. M. Els, Sekretaresse.
mnr. W. A. Nortje,
mnr. F. v.d. M. Boshoff,
mnr. B. M. van Tonder,
mnr. W. F. Bezuidenhout,
ds. B. de Klerk,
mnr. T. H. Janse van Vuuren,

wil ons 'n welkom toeroep en die hoop uitspreek dat dit vir hulle aangenaam sal wees om op die Beheerraad te dien. Mag hulle aan die einde van hulle dienstyd terugkyk op wat hulle gedoen het vir die hoërskool waarvan hulle lede van die Beheerraad is.

V. IN MEMORIAM.

Op die 4e Junie is oorlede, mnr. S. N. van Vuuren en op 4e/5e Augustus het Johannes N. du Toit op 'n gewelddadige wyse aan sy einde gekom.

Ook is een van ons oud-leerlinge, Fransina Ludick, gedurende die eerste kwartaal oorlede.

By herhaling wens ons die naasbestaandes en agterblywendes te verseker van ons meegevoel met die heengaan van hulle dierbares.

VI. DONASIES.

Van die Stadsraad van Pretoria is ter herdenking van die Eeufeesjaar van Pretoria 'n pragtige skild ter waarde van £30 ontvang. Hiervoor is ons hulle besonder dankbaar.

Van die Gesondheidsraad van Buitestedelike Gebiede het ons die afgelope twee jaar pragtige skenkings gekry.

Die Dorpsraad van Silverton asook die S.A.V.F. van Villieria het ons beurse toegesê van geen geringe bedrag vir verdienstelike leerlinge.

Aan die gewers vir hulle ope hand vir ons skool ons innige dank en waardering. Mag hulle voorbeeld ander laat volg.

VII. LIEFDADIGHEID.

Die 2e Mei was die dag waarop die leerlinge hulle jaarlikse bydrae gelewer het vir liefdadigheid. 'n Mooi bedrag is geïn en dit sal met die loop van die jaar aan die inrigtings en organisasies gestuur word wat vanjaar aan die beurt kom om van ons bydraes te kry.

VIII. GELUKWENSINGS.

Eerstens mej. S. D. Jackson met haar verlowing.

Ten tweede mnr. G. D. J. Duvenage met die verwerwing van sy M.A. graad in Geskiedenis, met lof, en sy verlowing. Die verhandeling handel oor ,,Die rol van W. H. Jacobsz in die onafhanklikheid- en eenheidstrewe van die Voortrekkers op die Hoëveld 1847-1852."

IX VAANDEL.

Met dank wens ons te vermeld van die pragtige vaandel ontwerp deur mnr. J. S. du Toit en in wol uitgewerk deur Nellie Labuschagne en Magdalena Pieterse, twee skoliere van standerd 8. Voorwaar 'n pragtige stuk werk waarop die skool besonder trots is. Mag hulle voorbeeld ander inspireer om net sulke waardevolle dienste aan hulle skool te lewer.

X. HOEKSTEENLEGGING.

Planne word beraam vir die hoeksteenlegging van ons nuwe skool nog hierdie jaar, aangesien dit die honderdjarige bestaan van Pretoria is. Voorwaar 'n gedenkwaardige jaar om die hoeksteenlegging te laat plaasvind.

XI SLOT.

Vir ons skool ,,daghet in het oosten en ligtet overal." As ons die tekens van die tye reg lees, dan staan ons op die drumpel van 'n betekenisvolle fase van ons skool.

Mag die leerlinge, personeel en beheerraad waardig geag word om die fondamente van die skool op vaste grond te laat rus, sodat daarop met sekerheid vir die toekoms gebou kan word. Mag ons daartoe die krag van Bowe kry, laat Sy seën op ons werk rus, want dan weet ons, ons kan Werk en dan sal ons Oorwin.

J. C. Geertsema,

(Hoof.)

Waverley Fietswinkel

McLARENSTRAAT 43A, WAVERLEY.

Telefoon: 70-8176.

Vir die beste fabrikaat:—

- **Trapfietse**
- **Trapfietsonderdele en -toebehore**
- **Stootwaentjies, Driewiele**
- **Poleerders, Stofsuiers**
- **Yskaste, Stowe, Wasmasiene**
- **Speelgoed en alle Elektriese Benodigdhede**

———❄———

Ons onderneem herstelwerk aan trapfietse en elektriese toestelle

Depot vir **Capital Droogskoonmakers** en **Reps Skoenreparasies**

Waarom gaan u na die stad as u u benodigdhede teen dieselfde pryse by ons kan koop?

PROBEER ONS EERS EN OORTUIG USELF!

SKOOLFONDS: HOËRSKOOL OOS-MOOT.

INKOMSTE- EN UITGAWEREKENING VIR JAAR EINDIGENDE 31.12.1954.

INKOMSTE.				UITGAWES.			
Saldo, 31.12.53:				**Administrasie:**			
Kleinkontant	3	1	11	Skryfbehoeftes, Drukwerk ens.	110	9	1
Kontant in Bank	222	11	5	**Boeke:**			
Fondse:				Handboeke St. 9	142	14	11
Saalgeriewe	49	5	11	Biblioteek e.a.	29	1	1
Personeel	18	16	5	**Sport:**			
Kadette	3	4	3	Rugby	45	2	3
Skoolfonds:				Korfbal	34	8	5
Bydraes Leerlinge	531	1	11	Atletiek	110	18	2
Donasie van Waverley Waaksaamheids-komitee	20	0	0	Jukskei, Tennis e.c.	32	16	4
Ander Inkomste:				**Diverse:**			
Filmvertonings en Diverse Inkomste	53	10	3	Volkspele	19	10	0
				Klavierrekening	21	5	0
				Terrein en Gereedskap	18	0	3
				Kleinere uitgawes	11	1	11
				Saldo 31.12.54:			
				Kleinkontant		4	5
				Kontant in Bank	325	19	1
	£901	11	1		£901	11	1

BALANSSTAAT SOOS OP 31 DESEMBER 1954.

LASTE.				BATE.			
Saalgeriewefonds	101	13	9	Kontant op hande	326	3	6
Personeelfonds	31	17	9				
Kadetrekening	3	4	3				
Skoolfonds	189	7	9				
	£326	3	6		£326	3	6

Hiermee word gesertifiseer dat ek die boeke van die skoolfonds Hoërskool Oos-Moot nagegaan en korrek gevind het.

Die aangehegte state gee na my mening 'n juiste beeld van die finansiële stand van die fonds soos op 31.12.1954.

(Geteken) J. de W. Trichardt.

---

† MNR. S. N. VAN VUUREN.

Vanaf Januarie 1952 tot Maart 1955 was mnr. S. N. van Vuuren in 'n tydelike hoedanigheid aan ons skool verbonde. Na 'n siekbed van 'n paar maande het hy op 4 Junie vanjaar heengegaan.

Vir ons as skool, onderwysers en leerlinge, was dit 'n voorreg dat so 'n gesiene persoon in die onderwys van Transvaal sy laaste lewensjare by ons werksaam was. Die heilsame invloed wat van hom op ons skool uitgegaan het, word met dankbaarheid in herinnering gebring. Dit is met die meeste ootmoed dat ons wens melding te maak van die voorbeeld wat hy ons gestel het. Sy aangename persoonlikheid, sy minlikheid en hoflikheid is karaktertrekke wat ons graag van hom wil noem. Hoewel hy die oudste op die personeel, 'n afgetrede hoof was, was hy één van ons. Sy beleefdheid teenoor meerdere en mindere, sy goeiemiddag-sê elke dag voordat hy van die skool weggegaan het, sal 'n altyd aangename en soete nagedagtenis wees wat ons sal bybly.

Aan die agtergeblywendes bied ons ons meegevoel en simpatie aan.

J. C. Geertsema,
(Hoof.)

KOM NA —

Oom Gerrie

VAN DER WALT

—★—

DIE ADEL HAARKAPPER

—★—

11de LAAN 385, tussen Jacobs en

Ellastrate, GEZINA.

WELKOM GARAGE

H/v. 24ste LAAN en HERTZOGSTR.

Tel.: 70-4995.

—★—

Ons verkoop alle

MOTORONDERDELE, BUITE-BANDE, BATTERYE, ENS

Teen Konkurrerende Pryse.

—★—

Besoek ons en u sal nie spyt wees nie

U OE

- IS U KOSBAARSTE BESITTING ! !
- MOET DIT NIE VERWAARLOOS NIE.
- LAAT ONS GEKWALIFISEERDE OOGKUNDIGE U OË SONDER VERSUIM TOETS.

—⁜—

★ Alle Bril Reparasies Onderneem. ★

—⁜—

JAKARANDA APTEEK

Hoek van Michael Brinkstraat en 30ste Laan

Telefoon 70-3602. VILLIERIA.

Letterkundige Bydraes

„EN GOD HET GESIEN DAT DIT GOED WAS."

Statig, soos 'n groot bal van gloeiende goud, sak die ondergaande son in die weste weg. Strale, met die kleur van karmosyn, streel die omliggende landskap net asof hulle hartseer voel om die deel van diè aarde te verlaat, al is dit vir so 'n kort rukkie.

Saggies rus die strale op die boomtoppe. Die voëltjies tjilp-tjilp nog 'n rukkie en raak dan stil. Alles is nou so stil . . . . . so geheimsinnig stil. Statig, grasieus daal die aasvoëls na hulle slaapplekke af. Die bobbejane soek woordeloos, asof vermoeid na sware arbeid, hulle slaapplekke vir die nag op. Die anders lawaaiende bobbejaantjies is nou stil. Voel hulle die heilige oomblik aan?

Hier en daar, byna ongemerk, roer 'n nagdiertjie. Versigtig en sku loer hulle uit hul skuilplekkies. Hulle kom geruisloos in beweging — hulle beweeg so . . . . so oneindig versigtig, net asof 'n enkele geluidjie die heilige oomblik, soos 'n groot seepbel, in duisend stukkies sal laat spat.

Dan rus die goue strale op die sneeubedekte bergpieke. As jy die toneel net aandagtiger beskou, lyk dit asof hulle smaak om nog langer te bly, maar . . . . stadig en onverbiddelik sak die gloeiende son agter die berge weg.

Selfs nadat die son weggesak het, is die wolke nog in karmosyn en pers geklee. Dis so asemberowend en géén skilder, die beste ter wêreld, kan die kleure namaak en op 'n doek vaslê nie. Dan verdof hulle glans langsamerhand.

Lang skaduwees kruip oor die aarde. Ek trek my asem onwillekeurig op, want dis so 'n verruklike gesig. Die berge met hulle sneeubedekte pieke, die lowergroen woud, die silwer stroompie wat sag, murmelend tussen die varings deur luier.

'n Entjie verder wei 'n pragtige koedoebul sonder 'n gedagte aan gevaar. Dit alles is in 'n grys waas gehul.

Stadig, asof hy besluiteloos is of hy die heilige oomblik moet steur of nie, sak die duisternis op die aarde neer. Dis soos wanneer 'n hoogtepunt in 'n drama bereik word en die gordyn stadig toe stoot.

'n Stille vrede heers op die aarde.

Johannes Booysen. St. 9.

BOET SE BROEKSAK IS 'N SOORT SLORDIGE PANDJIESWINKEL

'n Mens kry mos soms heel onverwags iets nodig wat jy dan in iemand anders se sakke moet gaan soek! So was dit dan een middag met my gesteld Ek wou 'n knipmes hê en het besluit om Boet, my boetie van 10 jaar, se sakke deur te snuffel na 'n mes. Hy en ma was hospitaal toe en sou dus nog lank nie terug wees sodat hy dit self kon verskaf nie.

Sonder enige seremonie het ek dan ook my hand in die sak gesteek, maar hom viniger uitgetrek as wat ek hom ingesteek het. Iets glibberig en koud was die oorsaak van my groot skrik. Versigtig het ek die voorwerp uitgehaal en het 'n lewendige padda aan 'n lyntjie voor my gehad. Hy het sommer gou by die venster uitgewaai!

Weer het ek probeer en hierdie keer was 'n vuil ou tol my vonds. Ook hy het 'n rusplek buite die venster gevind.

Die feit dat ek nog geen mes gevind het nie, het my ietwat onrustig gestem. Ek het nuuskierig begin word en verder gesnuffel.

Die volgende was 'n netjiese wit pakkie. Ek het dit oopgemaak, maar my asem het byna weggeslaan van die stank. Op die papier het die binnegoed van een of ander knaagdier gerangskik gelê. Uit by die venster daarmee, het ek by my sigselwers gedink.

My hand het weer met taaie volharding in die sak geglip en 'n bondel toue te voorskyn gebring. Sulke smerige goed hoort in die asblik, het ek gereken en dit in die snippermandjie gegooi.

Verder het ek 'n paar albasters gevind wat myns insiens gespaar kon bly.

'n Stukkie potlood, 'n sukkende pen, 'n krom silwerplaatjie, 'n stuk draad en 'n ou brilraam, het ook hulle weg na die snippermandjie gevind op my soektog na die mes. Daar was nog net een sak oor en hy het vir my te klein gelyk om 'n mes te verberg. 'n Fyn kantsakdoekie het eerste sy verskyning gemaak met die voorletter S.B. daarop. Daarna die langverwagte mes.

Terwyl ek nog gesit en dink het wie die meisie kon wees, het Boet die kamer binnegestorm en moes ek spore maak . . . . . .

Elsa Kruger, St. 9.

Die modewinkel wat elke vrou se hart vinniger sal laat klop!!

Winter- en Somerjasse; Baadjiepakke Pelsjakkies; Winter- en Somerrokkies: Middag en Aanddrag ens. en alles wat 'n deftige vrou dra.

Leweransiers aan
KOOPKRAG BEPERK

ELIZABETH MODES
Hertzogstr. 905, Rietfontein, PRETORIA.
Foon: 70-4849.

5% Korting vir Kontant

Kry u Kwotasies vir Bruidsuitrusting by ons.

Hoede om by elke tabberd, baadjiepak of jas te gaan.

VILLIERIA APTEEK

Hoek van BEN SWARTSTRAAT en 24ste LAAN

Foon : 70-4060.

Vir al u APTEEK-, TOILET- en FOTOGRAFIESE benodigdhede skakel ons of besoek ons persoonlik.

★ **Ons lewer af in alle omliggende gebiede.** ★

Ons is lid van alle siekfondse en voorsien alle hulpverenigings.

VILLIERIA APTEEK **Foon 70–4060**

n' Outydse Plaasdans.

'n Paar weke gelede het daar 'n gerug die ronde gedoen dat daar vanaand, met nuwejaar, 'n bietjie geskoffel gaan word op die plaas van ons lywige ou buurvrou.

Aangesien ek nog nooit 'n regte plaasdans bygewoon het nie, het ek besluit om vanaand stelling te gaan inneem in die ou groot akkerboom. Die is geleë aan tant Hessie, soos ons geëerde buurvrou heet, se kant van ons huis.

So gesê, so gedaan; en dit was ook nie lank nie, of die dansers arriveer een vir een in hulle pre-historiese voertuie. Hier waar ek sit, verskuil tussen die blare van die stoere ou reus van 'n akkerboom, kan ek reg in die voorkamer sien, waar die dans skynbaar gehou gaan word, aangesien al die meubels na die stoep verskuif is.

Met 'n onaardse gebrul en gesnork kom die laaste oorblyfsel van 'n ,,negentien voertsek Fordjie'', tot stilstand en lewer 'n met olie besmeerde paartjie af.

Die eerste korterige note bereik my ore, en wat daar te aanskou is, is werklikwaar iets om oor te lag.

Die outydse ou oom Daan, wat altyd klae oor die ,,ramtiek'' in sy bene, spring soos 'n jong haan in die lug, gryp ou tant Hessie wat juis op hierdie tydstip die kamer binnegetree het met 'n heerlike melktert in haar hande, swaai haar met 'n wilde beweging op die baan, en wals ewe vinnig op die maat van die musiek verder.

Met die grypslag het tant Hessie al die melktert gelos, en die het netjies op die konsertinaspeler se vlammende bos rooi hare te lande gekom, waar dit soos 'n outydse kerkhoed bly sit het.

Dit was 'n teken vir die jonmense om te begin, en heel gou wemel die baan van vrolik-laggende gesigte, die konsertinaspeler skoon vergeet.

Daar ver in die een hoek van die vertrek val my oog op die veelkleurige orkes. Maar wat my die meeste laat lag, is daardie selfde konsertinaspeler van netnou. Hy ruk en pluk die konsertina wild en wakker, maar wat bly sit is die merktert op sy kop!

Intussen was die triestige ou kersie al seker 'n stuk of tienmaal dood. Hy was net weer mooi aan die brand, toe die volgende gebeur.

Ewe skielik kom daar 'n kreet van pyn. Wat gaan aan? Dis al weer ons liewe tant Hessie. Oom Daan het per ongeluk met sy nommer-nege-en-'n half velskoen op tant Hessie se pynlike ou liddoring te lande gekom. Terwyl sy nog so klae en Jeremiades lewer, kom daar 'n stuk boerewors netjies om haar nek te lande. Die jongmense skreeu soos hulle lag en tant Hessie verlaat die vertrek blosend, met die voorneme om nooit weer 'n dansparty te gee nie.

Die dansery wat 'n rukkie gestaak is, word met hernude ywer hervat. Uitroepe soos: ,,Deurloop dag toe!'' en nog baie ander kom deur die oop voorkamervenster aangesweef.

Ver aan die oosterkim begin die dag te breek en een vir een verlaat die dansers die plek van jolyt, want vroegvroeg moet die mans weer agter die ploegstert staan. Al is dit nuwejaar, hulle werk moet aangaan.

Rita Prinsloo St. 7A.

„EK SAL NOOIT NIE, NOOIT NIE WEER NIE".

Twee van my maats en ek het eendag besluit om 'n ou mynskag net buite die dorp te gaan ondersoek. Vroeg die middag is ons met die fietse weg en het na 'n stywe rit by ons bestemming aangekom.

Daar is na heelwat wik en weeg besluit dat een van ons met die tou sou afklim terwyl twee bo by die bek van die skag ysterklou in die grond sou slaan en die tou sou vashou. So halfpad teen die wand van die skag het hy besef dat hy op dié manier nie verder sou kan afklouter nie. Ons het hom opgetrek en toe is besluit dat ons die een wat afgaan, van bo sou laat afsak in plaas daarvan dat hy homself met die tou laat sak.

Piet het nou aan die beurt gekom en nadat hy sy moed bymekaar geskraap het, is hy die skag in. Ek het nou as anker gedien, terwyl Koos vir Piet stadig bo laat afsak het. Kort-kort het hy effens benoud geroep dat ons moet vashou, want nou wil hy eers so 'n bietjie rus.

Eindelik was hy die moeilikste deel van die klim verby en toe op die bodem van die skag. Ewe manhaftig het hy van onder vir ons geskreeu dat daar drie tonnels horisontaal uit die skag loop. Twee is maar klein en loop sommer dood. Die derde is groter en pikdonker.

Toe ons hom beveel het om daarin te stap en te kyk waarheen dit lei, antwoord hy dat hy dit nooit sal doen nie. Nadat hy 'n bietjie uitgerus het, het ons hom weer begin optrek. Eenkeer was daar 'n ruk aan die tou soos hy gly, maar hy het gelukkig sy balans behou en veilig die bopunt bereik.

'n Natgeswete gesig vol stof en met 'n effense paniekerige glans in sy oë, is die eerste wat ek oor die skag se rand sien loer het. Toe was hy bo en 'n triomfantlike glimlag het sy gesig verhelder, terwyl ons sy hand geskud het. Ons het hom glimlaggend aangestaar en gevra hoe hy voel. Hy het ons ernstig aangekyk en gesê dat ons glad nie so selfversekerd moet wees nie, dit gaan broekskeur om teen so 'n mosbegroeide wand af te klouter. Min het ek egter geweet hoe waar sy woorde was en dit maar af gelag.

Nou moes ek af en het glad nie gerus gevoel toe ek stadig begin afklouter nie. Hulle het die klippies goed losgetrap en ek moes net mooi trap of ek gly. Halfpad af en net voor die moeilikste deel van die klim, het ek

J. D. STROH
F. BOTHA

Tel: 70-4855
na ure: 70-2313

S. & B. Motors

Ben Swartstraat 971, Villieria, Pretoria.

Ons spesialiseer in die volgende:—

**HERSTELWERK, PANEELUITKLOP, SPUITVERF
OLIE EN SMEER, PETROL.**

Ons werk word gewaarborg en word gedaan deur manne met 20 jaar ondervinding.

KOM PROBEER ONS EN OORTUIG USELF!

Telefoon / Telephone **70-4672.**

Na ure / After hours **70-4454**

V. & R.

YSTERWARE/HARDWARE

ONS SPESIALISEER IN DIEFPROEF OMHEININGS EN VERF.

WE SPECIALISE IN BURGLAR-PROOFING, FENCING AND PAINT.

284, Voortrekkerweg/Road 284,

GEZINA, PRETORIA.

SARINA APTEEK

H/v. Hertzogstraat en 24ste Laan.

Leweransiers aan:—

KOOPKRAG, O.H.V.S., BUY-AID, E.M.S.

Ons Lewer Oral in:—

WAVERLEY, RIETFONTEIN EN VILLIERIA af

Foon : 70-6330.

halt geroep om 'n paar oomblikke asem te skep. Ek besef nou dat hy die waarheid gepraat het, want ek is deeglik natgesweet en my vingerpunte nerfaf van die vasvat.

Ek is weer vort en omtrent tien voet van onder het dit inspanning gekos om nie te los nie. Maar toe gebeur die onverwagte. Ek het 'n rotspunt vasgevat en terwyl ek met my voet 'n vastrapplek gesoek het, krummel die stukkie rots in my hand. Ek het half omgeswaai en toe kom die dowwe klap van die tou toe dit morsaf breek op 'n taamlike geskaafde plek!

Gelukkig was daar geen uitstaande rotspunte onder my nie en was die bodem van die skag vol los grond en sand. Met 'n harde slag maak ek kennis met die moeder-aarde en gaan sit ook sommer, totaal oorbluf. Die twee daar bo was terdeë ontstel en skree of ek nie beseer is nie. Gou stel ek hulle gerus en beveel hulle om die tou te laat afsak, sodat ek dit om my lyf kan bind. Maar toe die grootste slag — die tou is te kort!

Na 'n ademlose stilte is beraadslaag dat Piet gestuur sou word om 'n stuk tou te gaan leen by 'n nabygeleë plaas. Ek het hom terdeë laat besef dat hy moet gou maak — ek het geen lus om die nag in die donker gat deur te bring nie.

Na 'n rukkie was daar 'n geritsel agter my en 'n vaal streep skiet voor my voete verby. Met 'n uitroep: ,,Ag Vadertjie" was ek op my voete, maar tog verlig toe ek die gepiep van 'n muis hoor wat skugter om 'n rots na my loer.

Ek leun weer teen die rotswand net om amper tien voet in die lug te spring toe 'n swart gedaante voor my neus verbyskiet. Ek knyp my oë styf toe, trek die een weer oop terwyl die angssweet sout in in my mond smaak. Ek val amper op my rug toe daar nog 'n swart gedaante voor my verbysweef. Maar ek herken dit as 'n vlermuis en stuur dankbaar 'n skietgebedjie omhoog — as dit nou spoke was!

Ons twee het al begin onrustig raak en ek het gebibber toe Piet daar aankom met 'n stuk tou en 'n boer. Die tou is gou om my gebind en ek is meer opgetrek as wat ek geklim het.

Bo gekom was ek ook mooi gedaan. Die man het ons deeglik geroskam oor hierdie onbesonne daad en ons was bly toe ons in die sterk skemerte aangestryk het na die dorp toe. Wat kan 'n mens nou doen sa 'n meisie jou uitdaag tot so 'n ding?

P. B. van Rhyn. St. 8A.

'N MOTOR, MODDER EN 'N STOEIGEVEG.

,,O geeftag! vanaand gaan jy sien vonke spat by daardie stoeigeveg. Ou Eie gaan kleingeld maak van Willie, sowaar as wat my tjor se naam Hessie is," gil Gert Verster dit uit, waar hy agter sy rammelkas-ryding — wat iewers tussen die jare 1800 en 1900 sy ontstaan gehad het — sit.

Vroeg vanmiddag al het hy in die pad geval van sy plaas ,,Sukkel-sukkel" af, na Pretoria om die botsing tussen Willie Liebenberg en mnr. ,,X" te gaan kyk.

Hy is haastig, want 'n geweldige reënbui wat al van die vorige dag af byna aanhoudend val, het hom baie vertraag op die plaas.

Pierang, 'n klonkie wat by hom groot geword het, sit uitgevat agter in die motor om vir die ,,klengbaas" die hekke oop te maak en ook die motor te gaan oppas.

,,Pierang . . . . "

,,Baas?"

,,Die pad is lelik glad; ons slaap vanaand nog onder die modder, jy moet sien," sê Gert bekommerd.

Met 'n vies trek op sy pikswart gesig laat Pierang hoor: ,,Aikôna, die modder isse nat; ekke slaap by my se kooi".

Gert glimlag by die aanhoor van die naïewe opmerking, maar die glimlag verstar toe die motor se wiele skielik begin gly en al in die rondte bly maal. Hy trap die brandstofpedaal dieper weg, maar al wat gebeur is dat die motortjie se ingewande 'n luider geraas voortbring en dat die wiele al hoe meer modderboë agter hulle uitskiet. Verdwaas tel hy sy voet van die brandstoftoevoer af en laat die motor so stil staan en luier. Hy ruk en roggel soos een of ander prehistoriese dierasie uit die vroegste eeue.

,,Hy staan?" wil Pierang verbaas weet, met ongeloof in sy stem.

,,Tot my innige leedwese moet ek erken dat jy nou evangelie daar verkondig, Pierang."

,,Hoe-maak, Baas?" wil Pierang weet, skoon in die war gebring deur sy baas se welsprekendheid.

,,Nee, ek sê maar net hy staan regtig."

Met 'n afgewaterde trek op sy gesig klim Gert uit en trap vies-vies in die modder. ,,Pierang, draf gou en gaan haal vir my van daardie lang gras wat daar langs die pad groei", sê Gert en probeer weereens om die motor te beweeg.

Dit was 'n beteuterde klonkie wat sowat vyf minute later kom meedeel dat ,,die gras is te banja hard om te ploek". Met 'n moedelose gebaar haal Gert sy knipmes uit en beveel die jong om die gras dan maar te sny as hy nie anders kan nie.

Grens-grens, met 'n skamele bondeltjie gras onder die arm vasgeknyp, maak Pierang 'n rukkie later sy verskyning en verduidelik dat die mes gegly en sy vinger byna afgesny het. Om sy bewering te staaf, word 'n bebloede middelvinger omhoog gehou.

Onder veel gekerm van die ,,gewonde" se kant het Gert die vinger so goed as moontlik met 'n stuk isoleerband verbind en die jong beveel om sy senutergende gesanik te staak.

Met die gras onder die wiele het hy weer probeer om die motor uit sy onbenydenswaardige posisie te kry, maar

(vervolg onderaan bl. 21)

Waverley Drankwinkel

(EDMS.), BEPERK

(Besturende Direkteur: G. I. VAN NIEKERK)

●

KONTRAKTEURS VIR ALLE KOOP-VERENIGINGS

Alle Kwaliteite Wyn en Brandewyn word in Voorraad gehou

Onthou die Telefoon Nr. 70-3725 vir Flinke Diens

●

AFLEWERING NA ENIGE VOORSTAD
KLEIN- EN GROOTHANDEL

●

Foon: 70-3725

McLARENSTRAAT 41a, WAVERLEY

PRETORIA

AN INCIDENT I'LL NEVER FORGET.

During the last December holidays, my father took us with him on a fishing, game and hunting trip.

We camped under Beitbridge on the border of Transvaal and Rhodesia.

The second day at the river my father drew our attention to something drifting on the water, that looked like a big dry treestump. My father threw a stone at it and we saw a great splashing in the water. My father told us that it was a crocodile.

That night while we were sleeping in our tents we heard the lions roaring, and the awful cry of the hyenas.

When the lions roared we could feel the earth tremble. We were scared stiff and did not close an eye.

Next morning my father showed us the lions' tracks. When we saw how near they had been to our tent we asked my father to pack up and move to a safer place.

That night has remained in my memory ever since.

Hester Rohrbeck Std. 6K.

THAT CERTAIN CLASS.

(With apology to W. B. Yeats)

I will arise and go now, and go to a certain class,
And sit in my desk, in front of the class —
caught by tremble and fear;
Three speeches will I have there, and something "to be written out",
And I shall sit silent for everything I must hear.
I know there will be no pause there, for peace comes dropping slow.
In that certain class we are all too slow — so we get a speech or two.
There thunderstorms go roaring on, and drops start falling quick,
And the homework comes like some gathering upon the horizon grey.
I will arise and go now, for always every day
I hear him preaching to us with thunder and roar,
While I stand at my desk, or at his table,
I hear it in the deep heart's core.

Elise Conradie Std. X.

Will all the children of Oos-Moot remember this:-
"Thou comest not to thy place by accident,
It is the very place God meant for thee;
And shoulds't you there
small scope for action see,
Do not for this give room
to discontent.

Judith Balie Std. 7E.

STD. VIII A.

T. Rabe: Imagination is the ruling power of his mind.
A. v. Jaarsveld: You are an elegant scholar,
Having the graces of speech and skill in the turning of phrases.
M. Botha: Thou art strong and great a hero!
F. Booysens: I see but cannot reach the height
That lies forever in the light.
N. Labuschagne: Those who walk with feet of air
Leave no long enduring marks.
B. van Rhyn: Sensitive, swift to resent, but as swift in atoning for error.
P. Coetzee: I am like a happy lover,
Who illumines life with dreaming.
M. Pieterse: In her heart are the birds and sunshine.
A. Brittz: Patience is powerful.
G. Fogwill: Don't cross the bridge till you come to it.

A few favourite quotations:

"When a woman has lost her shame
She has lost one of her sweatest charms."

"The fool doth think he is wise but the
wise man knows himself to be a fool."
"It is a privilege to be a woman, a slave and yet
to rule a king."

Selected by A. van Jaarsveld Std. 8A.

DIS AL.

(Verskoon asseblief Celliers)

Dis 'n pen
dis ink,
dis 'n leerling
wat dink,
en die ewige wiskunde
wat na hom wink —
dis al.

Die einde van die jaar
kondig hom aan
dis 'n gesweet en geswoeg
dis al.

Wilhelmina Laurentius. St. 9.

(vervolg van bl. 19)

dié het geweier om 'n tree te versit. Sy pogings om die motor te stoot, het ook niks gebaat nie, want hy moes alleen sukkel, aangesien Pierang soos 'n koulike hoender eenkant gestaan het met sy vinger pateties in die lug.

M. Liebenberg.

IN DIE AFRIKAANSE KLAS.

Boshoff: ,,Meneer, hoe lyk 'n verpotte mens?"
Meneer v.d. Walt: ,,Dis iemand wat nie soos Pottie Potgieter die reus van Vryheid, lyk nie."

Die Ideale Kombinasie.

DIE GOEIE ONDERWYSER

plus

SY WAARMERK



Ons lewe is 'n eeu van waarmerke. Die lewe beweeg teen so'n hoë tempo en is so gekompliseerd dat die onderwyser eenvoudig nie tyd het om elke nuwe skoolhandboek wat op die mark kom, deur te werk ten einde sy waarde te peil nie.

Dit is ook nie nodig nie! .....

Maak net die boek oop en soek na **die waarmerk** voorin. Dan weet u dat u nou 'n boek in u hand het wat doeltreffend is.

Aan hoërskole bied ons graag die volgende standaardwerke aan:

WETENSKAP: St. 7& 8 : ALGEMENE WETENSKAP — C. Hatting (Kat. No. a.5233 — Ook in Engels (a.5234)
St. 9 & 10: NATUUR- EN SKEIKUNDE VIR MATRIEK deur C. Hatting. (Ook in Engels verkrygbaar).

BIOLOGIE: BIOLOGIE VIR JNR. SERTIFIKAAT — Bredell en Preller (a.5475).
St. 9 & 10: BIOLOGIE: Bredell en Preller.

AARDRYKSKUNDE: St. 6: GEILUSTREERDE AARDRYKSKUNDE — A. L. Behr, D. P. Goosen, e.a.(Ook in Engels verkrygbaar). Kat: No: Afr. a.5543. Eng. a.5542)

LATYN: St. 6 tot 10: LATYNSE GRAMMATIKA EN LEESBOEK — Prof. dr. H. L. Gonin (le Jaargang: a.5121 2e Jaargang a.5122)

WISKUNDE: MEETKUNDE VIR STANDERD SES (a.5534) en ALGEBRA VIR STANDERD SES (a.5533.) — deur J. W. en F. J: Lange Twee skitterende boekies. Pryse 4/9 elk.

DUITS: St. 6: DUITSE LEERBOEK VIR STANDERD SES (a.5528) en DUITSE GRAMMATIKA VIR STANDERD 7 & 8 (a.5529) albei boekies deur G. A. Venter en A. Lubowski.

REKENKUNDE: REKENKUNDE VIR STANDERD SES (a.5532) en REKENKUNDE VIR STANDERDS 7 & 8 (a.5484) deur J. S. Grobler en J. P. Lehman. Vrywel in algemene gebruik.

DIE TRANSVALER - BOEKHANDEL

POSBUS 8124. **JOHANNESBURG.** **TEL.44-9182.**

VERSLAE.

TENNIS.

Tennis het hierdie jaar sy regmatige plek in ons sportafdeling ingeneem. Baie aspirant-tennisspelers, ongeveer 70, het hulle verskyning op die baan gemaak, nuwe erts wat nog deur baie stadiums moet gaan voordat die hoogsmoontlike vorm van volmaaktheid bereik kan word. Die gesindheid en ywerigheid was egter baie bemoedigend en omdat daar in die meeste gevalle volhard word, koester ons die hoop om in die toekoms 'n ,,wêreldmoondheid te word waarmee rekening gehou moet word."

As gevolg van die onderbreking in alle sportangeleenthede aan die begin van die jaar, kon die gewenste toernooie en wedstryde nie gereël word nie. Waar daar egter wel gekompeteer is, is ons geensins in die skande gesteek nie. Ons sal hierdie jaar nog 'n hele paar wedstryde reël, met die beste verwagtings op ons prestasie. Ses leerlinge het deelgeneem aan die Junior-Kampioenskap wat in die stad gehou is, en alhoewel geeneen die hoogste sport kon bereik nie, is kosbare ervaring opgedoen.

Die ideale toestand nl. om oor 'n eie skoolbaan te beskik, bestaan nog nie, maar gelukkig is die oplossing van hierdie probleem nie meer in die verskiet nie.

Dank aan alle personeellede wat hierdie afrigting behartig.

J. J. Matthyssen.

KORFBAL.

Onder blyke van groot belangstelling aan die kant van beide personeellede en leerlinge is die eerste Korfbalvergaderings vroeg in die tweede kwartaal gehou. Ons kon vanjaar twee Junior- en drie St. ses-spanne vir ligawedstryde inskryf en die oefeninge daarvoor het soms wel opoffering van leerkragte en leerlinge vereis, maar het tog ook baie plesier verskaf.

Van die wedstryde wat gespeel is, is die uitslae as volg:

	gespeel	gewen	verloor	gelykop
Junior A-span	10	4	5	1
Junior B-span	10	2	8	
St. 6 A-span	6	4	2	
St. 6 B-span	4	4		
St. 6 C-span	4	2	2	

Ongelukkig kon die St. 6 B-span nie die finale wedstryd speel nie, daar 'n hele aantal van die speelsters na Derdepoort-Hoërskool gegaan het. Ons wens hulle in alle geval baie hartlik geluk met die mooi prestasie en vertrou dat hulle, sowel as die ander spanne, aanstaande jaar die skilde na Oos-Moot sal bring. Ook in Korfbal wil ons graag die leuse: ,,Werk en Oorwin" terdeë laat geld.

Mej. S. van Wyk.

VOETBAL 1955.

Die belangstelling van vanjaar was so groot dat ons ses spanne kon inskryf.

Die seuns het die oefeninge en wedstryde baie getrou bygewoon, nieteenstaande die feit dat 'n klompie baie ver moes kom.

Ons oefenvelde was weer Potgieterpark en Silverton. Ons hoop en vertrou om somaar in die nabye toekoms ons eie velde te kan hê.

Ons het vanjaar die eerste maal gaan wegspeel en wel op 14 Mei teen Albertonse hoërskool. Die seuns het die uitstappie terdeë geniet en baie genot daaruit gehaal.

Tydens die besoek van die Britse toerspan aan Pretoria het ons seuns deeglik van die geleentheid gebruik gemaak om hulle teen Noord-Transvaal en in die Derde Toets teen die Springbokke, te sien.

Met die afstigting van die Derdepoort-Hoërskool het 'n groot deel van ons spelers daarheen vertrek. Ons wens hulle alle sukses toe.

Ongelukkig het ons nog nie in die hoër ouderdomme die materiaal om goeie spanne in die veld te stoot nie. Onder hulle is enkele briljante spelers, maar ons het nie in elke span vyftien van hulle soort nie.

Wat egter hoop gee vir die toekoms, is die feit dat ons jongste spannetjies: die O.13 en O.14 B baie goed gevaar het.

Volgende jaar, en elke jaar daarna sal dit sommer baie beter gaan!

Die afrigting en administrasie van voetbal is vanjaar deur mnre. J. A. v.d. Walt, G. Duvenage, J. van Schalkwyk, J. H. van Wyk, M. v.d. Merwe, H. Venter, D. Solomon en C. H. Muller behartig.

SPAARSAAM.

Meneer en mevrou Bosman het besluit om 'n bietjie meer te spaar, want die lewenskoste was baie hoog. Meneer stap toe elke aand huis toe in plaas van om met die bus te ry.

Elke aand kom hy hygend tuis en sê: ,,So ja, ek het weer 'n sikspens gespaar."

,,Mooi,' antwoord sy vrou, ,,maar hoekom hardloop jy nie agter 'n huurmotor aan nie? Dan spaar jy tenminste vyf sjielings."

Wilhelmina Laurentius St. 9.

NEEM 'N HANDELSKURSUS OP NA SKOOLVERLATING

— BY —

LIEF SE HANDELSKOLLEGE

★

DAAR IS 'N TOENEMENDE AANVRAAG NA TIKSTERS, STENOGRAFISTE, BOEKHOUERS.

Lief se Kollege bied die beste fasiliteite aan vir hierdie kursusse en verseker u van individuele aandag.

DIE KLASSE IS IN DIE OGGENDE EN LAAT NAMIDDAG.

★

S.A. MUTUALGEBOU, KERKPLEIN, PRETORIA.
Foon: 2-7824.

PRAGTIGE KLEURAFDRUKKE

VAN

SUID-AFRIKAANSE SKILDERYE

ASOOK

VERFBENODIGDHEDE en KWASSIES vir KUNSVERF.

Die Beste Adres is altyd

E. SCHWEICKERDT (EDMS.) BPK.

KERKSTRAAT 277, PRETORIA.

★

Katalogusse word op aanvraag gratis gestuur.

★

Opgerig 1902.

VIR U VOLGENDE . . .

FRIGIDAIRE

YSKAS OF STOOF

— OOK —

AMBASSADOR - PHILIPS - MURPHY - PILOT
RADIOS & RADIOGRAMME

BESOEK ONS VERTOONKAMERS.

VIC OTTO

PRETORIUSSTRAAT 263. SENTRAALSTRAAT 239.

Leweransiers vir : Koopkrag, Buy-Aid, O.H.V.S., Iscor.

Telefone 3-6735 of 3-0588.

VERSLAG VAN DIE VOORTREKKERWERKSAAMHEDE, 1955.

Hoewel die Totiusveldkornetskap aan die Hoërskool Oos-Moot reeds geruime tyd bestaan, is die jaar 1955 tog van besondere betekenis. Op 7 Februarie is hier plaaslik 'n nuwe Kommando gestig, waarvan die Totiusveldkornetskap 'n prominente en leidende afdeling vorm. Haar Eksellensie, mev. M. M. Jansen, het goedgunstiglik haar toestemming verleen aan ons om ons Kommando haar naam te gee. Ons stel dit hoog op prys en wil die hoop uitspreek dat ons Kommando sal voortbou op die stewige fondamente wat mev. Jansen, as een van die leidende stigterslede van ons beweging, help lê het.

Aanvanklik het ons Kommando die afdelings van die Hoërskool Oos-Moot en Villieriaskool omvat, maar gedurende die tweede halfjaar is ons geledere aansienlik versterk deur die toetrede van die Genl. Hertzogveldkornetskap van die Rietfontein-Noordskool. Ons heet hulle hartlik welkom. Ons het egter in die derde kwartaal 'n aantal Voortrekkers verloor met die afstigting van die Hoërskool Derdepoort; tog het 'n paar staatmakers hulle die moeite getroos om nog ons byeenkomste by te woon. Ons hoop om volgende jaar voorsiening te maak vir die Trekkers daar.

Gedurende April het 'n groot aantal Voortrekkers van ons veldkornetskap 'n pragtige voorbeeld van volksdiens gelewer toe hulle gaan help het om die konsentrasiekampkerkhof te Irene te gaan skoffel. Belangrike historiese feite aangaande die kerkhof is vooraf deur die kommandant meegedeel en onder diepe besef van die offers van die voorsate, het die Trekkers fluks aan die werk gespring.

Op 6 Augustus het 'n mooi aantal Trekkers onder toesig die uitstalling van stokperdjies in die Pretoriase stadsaal bygewoon. Ons hoop dat die uitstappie goeie vrugte ook vir ons veldkornetskap sal afwerp.

Verskeie kere is daar 'n beroep op ons Voortrekkers gedoen om plekke te gaan aanwys by voetbalwedstryde. Telkens was die reaksie baie goed. Veral gedurende die wedstryd tussen Noord-Transvaal en die „Leeus" en die derde toetswedstryd is uitmuntende diens gelewer.

Op 24 September bereik die Voortrekkerwerksaamhede 'n hoogtepunt wanneer ons jaarlikse inlywingsplegtigheid plaasvind, en ons voel veral trots daarop om Haar Eksellensie mev. Jansen in ons midde te mag hê, dit is vir ons 'n besondere eer. Ons hoop ook om die publiek 'n mooi program aan te bied. Daarvoor is reeds flink geoefen.

Gedurende die eerste naweek van die Oktobervakansie vind ons jaarlikse naweekkamp plaas en te oordeel na die entoesiasme waarmee daarna uitgesien word, weet ons by voorbaat dat dit baie suksesvol gaan verloop.

Gedurende die eeufeesviering van Pretoria sal daar gedurig beroepe op ons Voortrekkers gedoen word, aangesien ons beweging plaaslik 'n baie prominente rol daarin te vervul het. Ons dank vooruit aan ons Trekkertjies wat, soos ons weet, nie op hulle sal laat wag nie!

Graag betuig ons namens die Voortrekkers van ons veldkornetskap ons hartgrondige dank aan ons offisiere, Veldk. Matthysen, Veldkte. Jackson, Asst.-veldk(e) Jansen, Meintjies, Pretorius en Venter vir opofferinge in belang van ons afdeling. Ons besondere dank ook aan die hoof en visehoof van ons skool, ander Distriksbestuurslede en die ouers van ons Trekkers wat onvermoeid hulle kragte aan ons ideaal gewy het.

Mag die Totiusveldkornetskap 'n sieraad vir ons beweging word en bly en sy taak vervul om te bou aan ons volkskarakter!

J. H. van Wyk,

(Kommandant, M. M. Jansen-Kommando).

VRAE.

1. Hoeveel tone het 'n volstruis?
2. Die Suid-Afrikaanse geskiedenis meld dat 'n sekere persoon gelyktydig president was van twee onafhanklike republieke. Dit was die unieke gebeurtenis. Weet julle wie was hy?
3. Wat was die nooiensvan van wyle mevrou Rachel Isabella Steyn, eggenote van die laaste Vrystaatse President?
4. Die Uniegebou in Pretoria staan aan die hange van 'n sekere heuwel. Wat is die naam van die heuwel?
5. In watter jaar het Afrikaans een van die Unie se amptelike tale geword?

ANTWOORDE.

1. Twee aan elke poot.
2. Marthinus Pretorius.
3. Fraser.
4. Meintjieskop.
5. 1925.

Anna Snyman St. 6C.

HET U GEWEET?

1. dat die hervormer Luther, met die verloop van tyd Hitler geword het? (volgens meneer Van der Walt.)
2. dat meneer Erasmus met 'n slagyster gevang kan word by 'n blikkie gekondenseerde melk? (veral gekooktes).
3. Ek verstaan dat Mientjie beweer dat 'n kombinasie van die A-lyne en die H-lyn die resultaat ah! gee.
4. Pasop, daar is twee soorte boekhouers, nl. wat die vak Boekhou beoefen en diegene wat boeke leen.
5. Pasop, selfmoord is strafbaar met die dood.
6. As 'n hondsdol hond 'n mens byt, kry die mens mensdolheid.
7. Volgens Elsje Krüger kan 'n seekoei op sy gemak dryf as hy geskiet is, i.p.v. op sy pens.
8. Iemand wat wil spot sê dat Marthinus Liebenberg 'n verskeidenheidskonsert op twee bene is.

Wilhelmina Laurentius St. 9.

Foon 2-7887 en 3-6662 Telegramadres: Seedstarke Bus 618



Starke-Ayres

(C. STARKE & KIE. BPK.)

KERKSTRAAT 332 - PRETORIA.

Waar alle groente-, landbou- en blomsaad van die BESTE GEHALTE verkrygbaar is.
Plus die insektemiddels en die implemente vir toediening daarvan.

AGENTE VIR KYNOCH - KUNSMIS.

U WORD ALTYD VRIENDELIK BEDIEN

Vir AL u SPORTBENODIGDHEDE

BESOEK....

A. RIC-HANSEN & KIE. (EDMS.) BPK.

Prudential Deurloop 8
PRETORIA

Tel. 3-0481.

ST. 6 KORFBALSPAN (C)



ST. 6 KORFBALSPAN (B)
STADSFINALISTE.



ST. 6 KORFBALSPAN (A)



—❄—

JUNIOR-KORFBALSPAN (B)

—❄—



—❄—

JUNIOR-KORFBALSPAN (A)

—❄—



—❄—

VOORTREKKERS
TOTIUS-VELDKORNETSKAP.

—❄—



PITKOS

GIFTIGE SPINNEKOPPE.

Uit: Afrikaanse Kinderensiklopedie.

Die vraag of spinnekoppe giftig is, word deur baie mense gestel, en die antwoord is dat die byt van die meeste soorte vir die mens en hoër diere nie giftig is nie. Die kloukake van talryke soorte is so klein dat hulle nie die vel van die mens daarmee kan beseer nie, en as hulle daarin slaag om deur die huid te byt, is hulle gif so swak dat dit slegs 'n bietjie sal brand soos 'n muskiet- of vlooibyt. Die groot soorte kan egter seer byt, maar selfs hul gif sal geen noodlottige gevolge hê nie.

In Suid-Afrika is daar egter één soort waarvoor ons moet oppas. Die byt van hierdie soort het ernstige gevolge, en 'n aantal mense, veral kleurlinge en kinders, het al aan sy gif beswyk. Hierdie giftige soort is die knopiespinnekop, wat langs paaie in graanstreke, in wingerde, by uitspan- en dergelike pleek sy valstrikke op die grond tussen bossies, tussen graan of graspolle,, in knaagdiere se gate, in die voetspore van vee, en selfs in ou blikke maak. Die agterlyf van hierdie spinnekop is rond of ovaal, soms geheel en al swart, soms met 'n paar rooi kolletjies, of soms met 'n rooi spiesvormige streep of vlek. Hy kan slegs met 'n verwante soort (Latrodectus beometricus), wat baie no hom lyk, verwar word. Hierdie ander soort maak sy slordige valstrikke meestal in geute, luggate, onder vensterbanke, in waenhuise en stalle, en hy verskil van die giftige soort deur die geometriese merkies wat hy bo-op sy agterlyf het en deur 'n vaasvormige rooi merk op sy buik.

Die giftige soort, wat gewoonlik ver van huise af is, byt mense wanneer hulle gerwe bind of optel, hout bymekaar maak of bossies of hout opgetel word. Die gif van die knopiespinnekop tas die senuweestelsel aan, en die uitwerking is baie soos die gif van 'n kapelslang, hoewel dit natuurlik op verre na nie so dodelik is nie.

In ernstige gevalle van spinnekopbyt kan dieselfde behandeling gevolg word as in die geval van slangbyt. Die Departement Volksgesondheid het 'n serum gemaak om die gevolge van hierdie spinnekop se byt deur inspuiting te bestry. Dokters in die graanstreke kan flessies van hierdie serum by die Departement kry.

Dis interessant om te meld dat daar in Noord-Amerika ook 'n giftige spinnejop (Latrodectus mactans) is wat tot dieselfde geslag behoort. In Argentinië is daar ook 'n giftige spinekop, wat hulle ,,podadora'' noem, en wat dikwels arbeiders in wingerde byt. 'n Sekere, maar seldsame, valluikspinnekop (Eutimena in Australië is ook baie giftig.

Anna Eloff St. 7A

PITKOS.

Algemene opvatting omtrent vryheid: Iemand anders handhaaf die orde en doen die huiswerk en laat my die voordele geniet.

ROBERT QUILLEN.

ALGEMENE KENNIS.

1. Wat was vreemd in die dood van George Washington?
   (Hy het in die laaste uur van die dag, op die laaste dag van die week van die laaste maand van die jaar van die laaste jaar van die eeu gesterf.)
2. As 'n mens oor die see kyk, hoe ver is die horison van jou af?
   (Die afstand hang van die persoon se lengte af: iemand van middelmatige hoogte sien, wanneer hy op seespieël staan, drie myl ver. As hy op 'n rots van 100 voet hoog staan, sal die horison ongeveer 13 myl van hom wees).
3. Waarom word 'n spinnekop nie in sy eie web gevang nie?
   (Die spinnekop se web bestaan uit twee soorte weefsels: taai drade en droë drade. Die spinnekop weet watter drade droog is en loop hierlangs.)
4. Waarom beteken die uitdrukking ,,krokodiltrane'', trane wat nie eg is nie?
   (Die oë van 'n krokodil is so gevorm dat dit skyn of daar 'n traan in die hoek van die oog sit. In werklikheid is daar geen traan nie; vandaar die betekenis van valse trane).
5. Wat is die moderne naam van die stad wat eers die naam van Nieu-Amsterdam gedra het?
   (New York. Toe die Engelse dié streek in 1674 gekry het, het hulle dit vernoem na die Hertog van York.)
6. Wat was die datum van die jaar na 1 v.C.?
   (1 n.C. Daar kon natuurlik nie 'n jaar nul gewees het nie, hoewel ons van so iets praat as ons wil beweer iets het in toeka se tyd of nooit gebeur nie).
7. Watter keiser het homself gekroon?
   (Hoewel die Pous, Pius VII, teenwordig was by die seremonie in die katedraal van Notre Dame, met die doel om Napoleon te kroon, het Napoleon self die kroon op sy hoof geplaas.)

Peter Coetzee St. 8A.

BELIEVE IT OR NOT.

Hours of Sleep.

Nature needs but five,
Custom gives thee seven,
Laziness takes nine,
And wickedness eleven!

A Man of Words.

A man of words and not of deeds
Is like a garden full of weeds;
For when the weeds begin to grow,
Then the garden will overflow.

If all the World.

If all the world were apple pie,
And all the sea were ink,
And all the trees were bread and cheese,
What should we have to drink?

Helga Buss, Wilhelmina Laurentius. Std. IX.

UNIE-BOEKHANDEL

● WENS DIE HOOF, PERSONEEL EN LEERLINGE HARTLIK GELUK MET DIE UITGAWE VAN HUL PRETORIA EEUFEES-UITGAWE.
ALLE SUKSES VIR DIE TOEKOMS TOEGEWENS.

●

UNIE-BOEKHANDEL

KERKSTRAAT 236, Telefoon 3-1228.

PRETORIA.

DIE KORREKTE SKOENE

VIR SEUNS EN DOGTERS VIR

● SKOOL
● UITGAAN
● SPORT

'n Spesiale afdeling vir groot dogters op 5de verdieping.

'n Spesiale afdeling vir seuns, 1ste verdieping.



De Bruyn se Skoenwinkels

(EDMS. BPK.)

KERKSTRAAT 285 en 143
PRETORIA.

MURE MET 'N GEHEIM.

Sewentien myl Suid-oos van Fort Victoria vind ons een van die indrukwekkendste nalatings van mense-arbeid uit verlvloë dae. Hierdie omgewing is omring deur kleurvolle granietkoppies en getooi in die tropiese plantegroei van Suid-Rhodesië.

In hierdie tropiese natuuromgewing vind ons die Zimbabwe ruïnes. In misterievolle stilte rus hierdie simbole van die vernuf van mensehande. Ja, die magnifieke simbole van ou Afrika word bewaar, want die mense wat hier gepraat en gewerk het, se stemme is lankal reeds stil.

Elke besoeker wat hierdie wonder aanskou, vra homself af:

,,Wie kon hier met soveel inspanning en moed gearbei het?"

Dit is interessant om te weet dat Portugese skrywers daar van die sestiende eeu reeds melding gemaak het van plekke wat hulle ,,Zimboa" genoem het.

Hierdie naam het betrekking op die Bantoe-opperhoofde wat ook beteken ,,Huise van Klip".

Dr. Karel Naunch was die eerste man wat in 1873 hierdie kolossale gebou ontdek het. Hy was 'n ontdekkingsreisiger en het met veel moeite probeer om 'n weg te baan deur die weelderige plantegroei na die Tempelgebou, totdat hy die koniese toring bereik het, waar na hy gemeen het, 'n vorige skat begrawe lê. Hierdie skattejag het baie skade aan hierdie gebou veroorsaak, maar die polisie van die gebied van Suid-Rhodesië het hulle hande op hierdie mense gelê.

Die aangrypendste skouspel vir besoekers na die groot Zimbabwe is seker die Tempel. Massief verrys hierdie ontsgalike granietklipmure tussen die omliggende heuwels. Die hele tempel is saamgestel uit klipstene dog geen bindmateriaal is gebruik nie. Wat interessant is om te weet, is dat hulle ongeveer tussen 50,000 en 100,000 ton graniet gebruik het. Die hoofmuur van die tempel is 'n 265 voet lang driehoeksdekorasie wat ook bekend staan as die chevronpatroon. Op sommige plekke is dit 350 voet breed.

Indrukwekkend veral is die enorme wildevyebome. Die lowerryke bome wat hulle wortels diep in die aarde ingestuur het, verleen verder luister aan hierdie skouspel.

Hier is die plek vir oud en jonk om tussen die mure te wandel en oor hul verlede en toekoms te droom.

Maatjie Pieterse St. 10.

SO IS HULLE.

'n Vrou bestuur haar motor toe sy skielik, tot haar groot verbasing, twee mans haastig teen 'n lanternpaal sien opklim om iets reg te maak.

,,Nou toe nou," sê sy vir haar man langs haar, ,,hulle hoef nie só bang te wees nie, ek bestuur darem nie sá sleg nie."

Wilhelmina Laurentius.

WAT DIE STANDER-NEGES OOR 10 JAAR GAAN WEES.

Martha: Geklee in 'n wasige aandrok van wit nylonkant verskyn sy op die verhoog. Spoedig vul soet klanke die saal en die hele gehoor luister asof betower. Martha Butler maak haar debuut as opvolger van Erna Sack.

Marthinus: Met swier en skittering hou die deftige motor voor die deftige huis stil. Marthinus, die argitek klim uit, met diepe bevrediging betrak hy die pragtige bouwerk, skepping van sy hande.

Elsa: ,,En toe, kleingoed, het die prins die prinses gesoen." Dertig paar onskuldige kinderogies luister na juffrou Elsa Kruger se storie.

Mientjie: ,,Ek het jou nog nooit hartlik bedank nie, al smaak ek geluk reeds jare lank."
Met 'n sug sit Mientjie die pen neer. Haar derde geslaagde digbundel pas voltooi. Wag daar ruik sy die kos brand en hoor sy klein Kosie skree.

Buks: Met 'n flinke beweging druk Buks die spuit diep in die bees se blad in, gee 'n paar bevele, en haas hom vir die volgende afspraak.

Wera: Vinnig kyk Wera op haar horlosie; 4 uur en nog geen kos op die stoof nie. Klein Pietie moet nog gebad word en 5 uur begin die biduur.

Anna Swanepoel St. 9.

TROTS.

Pa was baie trots op sy seuntjie toe hy by die huis kom met sy rapport waar net agte en sewes op pryk. Toe sê hy trots aan sy vrou: ,,Hierdie verstand het hy beslis van my geskry."

,,Dis moontlik," antwoord sy vrou, ,,ek het myne tenminste nog."

Wilhelmina Laurentius St. 9.

PROEF OM DIE KENNIS VAN 8A TE BEPAAL.

DOEL: Om die hoeveelheid kennis in st. 8A te bepaal.
APPARAAT: 'n Aantal leerlinge en hul kennis.
METODE: 1. Neem Phillipus Booysens se kennis van Rekene en plaas dit in 'n fles.
2. Voeg nou Sarel Soër se kennis van Boekhou by om 'n mengsel te vorm.
3. Gooi nou al Helena Venter se kennis van Engels by.
4. Skud die hele mengsel deurmekaar en verhit dit.
RESULTAAT: 'n Klomp onsin.

Francois Hoffmann St. 8A.

GRAPPE.

'n Man kom by sy vriend en vra die volgende vir hom: ,,Hoekom het jy my nooi in die donker gang gesoen?"
Sy vriend: ,,Nou dat ek haar in die lig gesien het, wonder ek self."

Usher (at the bio): "How far down do you wish to sit."
Customer: "All the way."

J. Louw St. 6D.

Vir u nuwe FIETS

en al u FIETS benodigdhede en vir 'n doeltreffende reparasie diens — besoek

Metro Cycle House (Edms.) Bpk.

KERKSTRAAT 330, PRETORIA.

❄

Gereedskap – Speelgoed – Elektrieseware
Visgereedskap, ens.

❄

PRETORIA SE VOORAANSTAANDE FIETSSENTRUM

— EN —

DIE FIRMA WAT DIE FAMILIE OP WIELE PLAAS.

ONS WIL

ARCTIC

ROOMYS

P
PVM
M

HÊ !!

Modhomes

Modern Home Supplies

L.W. Ons Enigste Adres:
PRETORIUSSTRAAT 217,
PRETORIA. (Regoor Plaza Teater)

★

Groot voorrade:—

MEUBELS, ELEKTRIESE WARE, SAGTE MATTE LINOLIUMS, VLOERBEDEKKINGS, GORDYNMATERIALE, HUISHOUDELIKE LINNE, KOMBERSE, KLERASIE, ENS. ALTYD IN VOORRAAD.

★

In ons winkel kry U altyd 'n vriendelike ontvangs!

★

MODHOMES vir
DIENS en KWALITEIT

LUIM IN SKERTS.

Ander het gesë:—

'n Volwassene is iemand wat van albei kante opgehou het met groei.

Die swaarste las is om niks te doen te hê nie.

Spreekwoord.

Ons karakter is 'n ruwe diamant waarvan, deur sorgvuldige slyp, 'n skitterende edelsteen gemaak kan word.

Anoniem.

Elke groot siel is nie rein nie, maar elke rein siel is groot.

Anoniem.

Die plig wat jy vandag versuim kom môre met sewe terug op sy rug.

Die rede waarom daar vandag soveel kennis binne 'n universiteit versamel word, is omdat die ,,eerstejaars'' 'n bietjie inbring en die ,,laastejaars'' so min uitneem.

Marcus Botha St. 8A.

Die volgende het in die Namakwaland gebeur terwyl 'n sirkus daar langs getoer het.

Een van die olifante het ontsnap en uiteindelik op 'n eensame boereplaas beland. Hier het dit voor die agterdeur aan die lang gras gewei toe die ou boer daar uitkyk.

Die oubaas roep sy vrou en sê: ,,Vrou, bring tog die boeke laat ons diens hou.''

Die vrou wou natuurlik weet wat gaande is. Dadelik verduidelik die oubaas: ,,Ag vrou, die Bybel sê, die laaste der dae sal jy drome droom en gesigte sien, en kyk tog hier!''

Daar ver in die binneland was treine natuurlik heeltemal iets vreemds. Toe die eerste trein dan ook op 'n goeie dag verbygestoom kom, roep die ou oom sy vrou en sê: ,,Vrou, vrou, kom gou, hier is 'n huis aan die weghol met die kombuis heel voor!''

P. B. van Rhyn 8A.

Daar is twee soorte mense wat in krisistye vertroostend is — diegene wat heeltemal moedig is en diegene wat banger is as jy.

ALEXANDER ANIMATOR.

Jim: ,,Verlede nag het ek gedroom dat ek deur 'n perd geskop is.''

De Bruin: ,,Dit was seker 'n nagmerrie.''

Isabella Adlam VIII B.

Mnr. Eksteen: ,,Waarvoor staan H_2SO_4?''

Pieter: ,Dis is op die punt van my tong, meneer.''

Mnr. Eksteen: ,,Spoeg dit dadelik uit. Dit is swawelsuur.''

WAARAAN ONS ONS ONDERWYSERS KEN.

Mnr. Geertsema: ,,Op die plek rus, Aaaaaandag! HERSTEL ! ! !

Mnr. van Wyk: ,,Maak oop julle handboekies op bl. 92, laaste paragraaf, 2de laaste reëltjie.''

Mnr. Duvenage: ,,Kyk, ek praat nou nie weer nie!''

Mev. Pretorius: ''Louis, I know Rina is a most charming girl, but for heaven's sake, leave her alone.''

Mnr. Matthysen: ,,Ons sien mekaar weer volgende jaar in sewe.''

Mej. van Wyk: ,,Meisies, net gou weer die knuppels. Op, klap, vang.''

Mej. Pretorius: ,,Vat die noot, do . . . . . ''

Mnr. v.d. Walt: ,,Hierdie dingetjies is die sleutel van Latyn.''

Mnr. van Schalkwyk: ,,Kom nou mense, daar's werk op die bord.''

Mej. Jansen: ,,Ek kon geweet het dat dit weer die 6E's en 6D's is!''

Mev. Pienaar: ,,My enigste engel, wat kan ek doen om die lewe vir jou te vergemaklik?''

Marie v.d. Merwe St. 6E.

IN DIE WISKUNDEKLAS.

Mnr. V.d. M.: ,Ellen, kom maak hierdie faktoresom op die swartbord.''

Ellen: ,,Wat se wiskunde gogga is dit, Meneer?''

Mnr. V.d. M.: ,,Toe nou, Ellen, dis dieselfde as die wat ons gister behandel het.''

Ellen: ,,As Meneer my net vertel hoe, sal ek dit graag doen.''

Mnr. V. d. M.: ,,Kyk Ellen, ontbind die drieterm in faktore.''

Ellen: ,,Goed, Meneer, maar op watter wiskundige rak kry ek die wiskundige apparaat daarvoor?''

Mnr. V.d. M.: ,,Weet jy nou nog nie?''

Ellen: ,,Nee Meneer, nie eintlik nie, want ek was besig om die aartappels in Mientjie se kous te tel toe Meneer verduidelik het.''

Mnr. V.d. M.: ,,Gaan sit, Admiraal, jou wiskundige kennis strek tot eer van die klas.''

Gertriuda v.d. Merwe St. 9.

Om kwaad te word vir iemand is om sy slegte daad op jou te wreek.

Gertruida v.d. Merwe St. 9.

''Willie why did you kick your little sister in the stomach?''

''It was her own fault mother, she turned around too quickly.''

DIE MAG VAN KENNIS IS MAGTIGER AS DIE SWAARD

Die Stewige Gebou waar opleiding aan die geslagte in die toekoms gebring sal word, staan op die fondamente waarvan die klip deur FERRO CRUSHERS (PTY.) LTD. gelewer is.

FERRO CRUSHERS

(PTY.) LTD.

vir goeie en vinnige diens

FOON 6-4335 en 6-4279.

DIE PRINSIPAAL SE STEMPEL.

,,Die las is gelyk aan die mag maal die magarm en dit is gelyk aan die lasarm gedeel deur die mag wat vir ons die las plus die magarm by die steunpunt gee. Die steunpunt wat in die middel van die las en die mag en bla . . . bla . . . blaaaaa!''

,,Pappa'' Ellis se rug is na ons gekeer terwyl hy die mag en die las en die joos weet alleen wat se arms en punte op die swartbord vir ons teken. Twee-en-dertig pare oë staar na vore. Die St. 7A's is vas aan die slaap! Almal lyk soos verlepte koolkoppe in 'n groentewinkel se venster.

Ag nee, ag nee! Daar moet 'n end aan kom. Ons is nie aan sulke drukte gewoond nie. Netnou het dit nadelige gevolge vir ons kosbare karakters.

Ek loer na Heléne en deur grimasse probeer ek haar vra wat ons moet doen om die spanning te verlig. Sy kyk my soos 'n slaapwandelaar aan en ek probeer aan iets dink wat haar sal wakker maak.

,,Ek sê Heléne,'' fluister ek saggies aan haar, ,,daar is iets radikaals met ons klas verkeerd.'' Eindelik het ek geslaag, want sy ruk orent en kyk my verbaas aan.

,,Connie! Voel jy siek? Ek sien geen rinkhals nie, hê?''

Aangesien ek en Helene heel agter in die klas sit en aangesien dit moeilik is om van voor af te sien wat agter aangaan, buk ek oor na haar toe en vra haar wat kan ons doen om te ontspan. 'n Rukkie sit sy peinsend en dan trek sy moedeloos haar skouers op. Hulpeloos en tevergeefs probeer sy Ritha, wat voor haar sit, se aandag trek. Dan sit sy haar nommer 4 skoene op Ritha se bank en stoot 'n stootjie vorentoe.

Gelukkig dat Ritha 'n stywe nek het, want anders was hy nou morsaf geruk!

My aarde! Hoe onnosel van my! Hoekom het ek nie al eerder daaraan gedink nie!

Sonder om tweemaal te dink, plaas ek ook nou my voete teen Anna se bank en druk — die keer 'n bietjie harder as Heléne. Anna en Susanna hik eintlik van die ruk en ek, Heléne en Ritha swel op van die lag. Ons kan eindelik ontspan.

Gou-gou reken ek uit. Dis al ek, Heléne, Anna, Ritha en Susanna wat wakker is. Nee! Dis glad nie bevredigend nie! Gou beduie ek deur voetegebare aan hulle wat om te doen.

Anna se gesig vertrek soos 'n oorryp vy van lekkerkry en Susanna hou haar maag styf as sy sien hoe die kinders voor in die ry se koppe agteroor ruk as die banke vinnig vorentoe beweeg. Toe Ritha kreungeluidjies uit, word ,,Pappa'' Ellis bewus van onheil. ,, . . . die las word met die mag verbind en die lasa . . a . . Haai, julle barbare daaragter. Wat byt julle!''

,,Wat ons byt?'' vra Susanna met 'n gemaak-onnosele gesig. ,,Seker niks, Meneer!'' antwoord sy nog onnoseler.

Anna maak kompleet nes 'n oorvrete otjie en ek voel dat ek ontslae moet raak van iets.

Meneer se wetenskaplike gesig verander na 'n chemiese waarskuwing en hy draai hom weer om om hom verder met sy steunpunte te bemoei.

Nou is dit klaarpraat met Kees! Meneer het ons mos nou gewaarsku, en wat is nou lekkerder as om na 'n waarskuwing ongehoorsaam te wees?

Al hoe gewaagder word die stote.

,,Nou sal julle sien dat as die lasarm en die las met die magarm met die mag . . . tag ! ! ''

,,Pappa'' Ellis draai amper té vinnig om en kyk na Magda wat nog steeds met wydoopgesperde oë en oop mond van haar gil ontslae geraak het.

Magda voel-voel met haar hand aan haar nek om seker te maak hy is nog daar. Toe sy uitvind dat dit wel die geval is, kyk sy stadig om na ons. Ons kyk haar verwytend aan. Dit was glad nie nodig om soos 'n gemartelde te gil nie!

In ,,Pappa'' se oë sien ons 'n donderstorm en ons weet dat daar 'n haelbui gaan losbars, maar o nee!

Met 'n sarkastiese trek op sy gesig vra hy die klaskapteine, Susara, om ons kantoor toe te vat en 'n briefie van die prinsipaal saam te bring dat ons wel daar was.

Met bewende kniekoppe en kletterende tande stap ons deur toe. Ek gee vir oulaas vir Magda 'n stamp op haar rug, en koppe omhoog stap ek, Rita, Susanna, Heléne en Anna agter Susara aan tot buite.

,,En nou?'' vra Susara senuweeagtig.

,,Ja wat nou?'' vra die ander en kyk na my. 'n Mens sou amper kon sê dat ek Dingaan en hulle my onderdanige impi's was.

,,Volg my!'' antwoord ek na 'n lang oorwegende sug. Reg voor die sekretaresse, mev. Schalekamp, se kantoor kom ons tot stilstand. My hand beweeg ,slow-motion'' nader aan die deurknop, maar ruk terug asof ek 'n elektriese skok ontvang het, want uit die personeelkamer kom mnr. Van der Merwe tevoorskyn.

,,Ja, en toe?'' vra hy ons laggend en wou net verbystap toe ek aan iets dink. My gewete slaan my harsings pap, maar ek moet, ek moet!

,,Meneer, e-e-ja, sien, Meneer,'' die ander gaap my verbaas vraend aan, en 'n knop hier in my keel dwing om uit te spring. Dan sluk ek hom af. knyp my oë 'n sekonde styf toe en vra gemaak-glimlaggend: ,,Meneer, Pappa Ell-, ek bedoel mnr. Ellis wil graag 'n papiertjie met mnr. Geertsema se stempel daarop van mev. Schelekamp hê. Seblief meneer?!''

Die ander loer benoud na die kantoordeur van mnr. Geertsema want as . . . . . Nou ja! Ek weet nie wat sal ons dan maak nie!

Voordat mnr. V.d. Merwe in die sekrtaresse se kantoor verdwyn, kyk hy ons aan met oë wat vra: ,,Julle al ses vir één papiertjie?''

VOLKE MAG VERDWYN!

KONINKRYKE VAL!

MAAR DIE NUWE GEBOU HOËRSKOOL OOS-MOOT

NOOIT!!! — WANT

DIE BETONBEWAPENING VAN HIERDIE GEBOU IS VERSKAF EN VOLTOOI DEUR — — — —

H. J. FEKKEN

Die Beton-bewapening Deskundige

30ste Laan 552, Villieria,

PRETORIA.

★

TELEFOON: 70-6478.

G. HARROP-ALLIN EN SEUN (Edms.) Bpk.

Voortrekkerweg 434, Pretoria.

Die aangewese firma vir alle soorte omheining, diefskerms, seilstoele en ander seilgoedere, tuinstoele en tafels van draad en yster, asook teerpale in alle lengtes.

Ons voel besonder trots dat ons, as subkontrakteur, kan deelneem in die daarstelling van die pragtige nuwe

HOËRSKOOL OOS-MOOT

en wens die skool alle sukses toe vir die toekoms.

FOON 70-2251/2

Ons wip soos ons skrik toe die deur weer agter ons oopgaan, maar mnr. V.d. Merwe oorhandig aan ons 'n papiertjie met die hoof se stempel daarop. Met 'n ,,Baie, baie dankie, meneer!'' groet ons en ,,Dik Daan'' kyk ons met suspisieuse oë agterna.

,,Jispaai, Connie man. Dit was amper nê?''

,,Was jy bang?' '

,,Nee, en jy?''

,,Nee jong. Maar 'n mens voel darem so 'n bietjie hoendervleis.'' Ek haal diep asem en blaas weer alles uit as ek dink wat sou gebeur het as mnr. Geertsema ons dalk sou betrap het.

Ons begin almal lag asof ons betaal word.

,,Ek wonder wat mnr. Ellis sal sê as hy moet uitvind waar ons regtig was!'' wonder Anna skuldig hardop.

,,Ek wonder wat mnr. Geertsema sal doen as hy moet agterkom wat ons aangevang het!'' vra Ritha en rek haar oë.

,,Ja, ek wonder wat mnr. Van der Merwe sal sê as hy sou uitvind watter misdaad hy gepleeg het!'' en ons begin weer opnuut lag.

Ons nader die klas en ons probeer hard om sedig en bekaf te lyk. Die een durf nie vir die ander kyk nie, anders lag ons weer.

Sonder om na ,,Pappa'' Ellis te kyk, stap ons met gepynigde gesigte na ons sitplekke toe. Mnr. Ellis kyk ons spottend aan en byt sy onderlip triomfantelik vas. Ek en Susanna buk gelyktydig om kamtig ons skoene vas te maak.

Die klok lui en vinnig staan ons op — haastig om buite te kom om die ander van die gebeure te vertel.

Connie Uys. St. 7A.

FORMELE DINEE.

Souterige liggaamsoefeninge vir aanwakkering vir die res van die vakke.
Deurweekte Do, Re, Me's.
Hardgebakte Meetkunde in plaas van vis.
Afgesaagde Rekenkundeprobleme.
Papperige Algebra met Stellngs as bykomstighede.
Al ewige Rugby- en Korfbaloefeninge in die plek van groente.
Opgediste Boekhou met Duits as nagereg.
Godsdiens — droog, in die plek van koffie — swart.
Gekookte Engels en bruin gebakte Afrikaans (Kaas en beskuitjies).
Gestoofde Wetenskap vir vrugte.

As hierdie spyskaart in St. 7A gebruik word, sal die klasgees besonder goed wees.

Kaartjiesondersoeker aan dame wat hy in die trein se gang raakloop: ,,Is u pad na Port Elizabeth, dame?''
Dame: ,,Nee ek is op pad om my hande te gaan was.''

Anna Eloff St. 7A.

Oudedorp,
19 Augustus 1955.

Beste Oos-Motertjies,

Daar kom altyd so 'n teer gevoel in julle ou tan' Ann se binneste as sy aan julle dink, want ek stel sommer nog, my hoë ouderdom ten spyt, baie belang in jul skool se doenigheid. Vanslewe toe ek nog so 'n bog snuiter was, wat die loop geneem het as die predikant huisbesoek doen, het ek ook daar skoolgegaan en moenie praat hoe trots ek was op die skool, wapen, leuse en alles nie! Ja kinders, ek het selfs van die onderwysers gehou (dit is, wanneer ons nie 'n paar bladsye van die ,,Trap der Jeug'' uit ons kop moes ken nie.)

Julle ou tante geniet die nuusbrokkies van die skool tog so. Dink julle nie ,,pappa'' Ellis en oom Herman Venter het al genoeg onder jul poetse deurgeloop nie? Julle weet een van my onderwysers het altoos gesê: ,,'n Skoolkind is 'n ding waarmee mens niet moet slaags raak nie, want dan trek jy altyd aan die kortste end!'' Ek verstaan ,,Pappa'' is nie so danig streng nie, maar oom Herman is glo streng genoeg vir albei. Tan' Ann ken streng onderwysers maar met die tyd word die suur vergeet en die soet onthou!

Nou wil jul tannie 'n vermaninkie aan St. 8A se adres rig: loop tog reguit in die ou rye en sluk maar die geselslus; verbeter tog die skoolbesoek, kinders, en hou julle naam hoog.

Twee van die flukse dogters het die reusetaak aangepak om vir die skool 'n pragtige vaandel te borduur. Julle kan baie bly wees en die twee se ywer vir julle ten voorbeeld stel om vir jul skool te presteer en sy naam hoog te hou.

Oos-Moot se eerste matriekklassie moet tog mooi leer, sodat die nageslag jul voorbeeld kan volg en Kasper, ou seun, ek hoor jy maak sommer amok onder die nooiens! A, nee a, kêrel, mens moet mooi trap of jy breek hul brose hartjies gou.

Kinders, tan' Ann wil nie preek nie, maar julle weet mos hoe sake staan nadat julle die kwartaal-punte gehoor het, party kan tante lof toeswaai, maar die ander outjies moet opdruk. Onthou jul mooi, besielende leuse: ,,Werk en Oorwin'' en mnr. Geertsema se: ,,goed genoeg is nie goed nie, net die beste is goed.''

Wel, kindertjies jul ou tante se kop en hande bewe nou so en straks maak sy 'n fout wat oom ,,Passer'' as flagrant sal beskou en my met sy passer sal bydam of so nie sal ek my die vise-hoof se ,,blikskottel'' op die hals haal.

Leer nou maar fluks en kom vertel maar vir my die skoolnusies.

Jul ou tan' Ann.

Anna van Jaarsveld St. 8A.

Die Nuwe Gebou vir

HOËRSKOOL OOS-MOOT

word opgerig en voltooi deur:—

V. MOORE

LID VAN M.B.A.

MEESTER BOUER & KONTRAKTEUR,
Bruinslaan 679,
Roseville, PRETORIA.

★

TELEFOON : 5-4347

ONS HET DIE GENOTVOLLE VOORREG GEHAD OM AL DIE HOUTWERK KONSTRUKSIES VIR U SKOOL TE VERVAARDIG

B A L M A C

TIMBER & HARDWARE (PTY.) LTD.

Die Spesialiste in Skrynwerk en Gereedskap.

VOORRAADSKURE EN WERKSWINKELS:—	YSTERWARE, VERF, GEREEDSKAP ENS.:—
Pretoruisstraat 472.	Pretoriusstraat 388.
Telefoone : 2-5059 en 2-1422	Telefone : 2-0835 en 2-2172

POSBUS 51, PRETORIA.

WAT SOMMIGE DIGTERS VAN ONS ONDERWYSERS DINK.

Mnr. Geertsema:
Ag ek is oud en amper oor my tyd
en sat tot in my siel met al die sorg . . . . .
C. Louis Leipoldt.

Mnr. v.d. Walt:
Meester, teken tog 'n bietjie aan —
jy kan dit dalk so lig vergeet —
die Meester wat die meeste slaan,
is dié een wat die minste weet!
A. G. Visser.

Mnr. v.d. Merwe:
Soos 'n berg, ongebuk,
Breed en bonkig van stuk,
dis hy!
Jan F. E. Celliers.

Mnr. Venter:
Engels! Engels! Alles Engels! Engels wat jy sien en hoor,
in ons SKOLE in ons kerke, word ons moedertaal vermoor . . . . .
C. P. Hoogenhout.

Mej. Meintjies:
My dogters, luister tog vir pa:
Volg nie die nuwe modes na . . . . !
A. G. Visser.

Mnr. Duvenage:
Jou lyf die glim soos koper op die veld,
en grassaad buig oor jou . . . . .
C. M. v.d. Heever.

Mej. Pretorius:
Wat is die slaap 'n wondersoete ding!
Sag op haar blou oë daal die vaak . . . . .
D. F. Malherbe.

Mnr. du Toit:
Sekretarisvoël met jou lange bene,
met jou vaalgrys vere, en lang, lang lyf,
met jou groot, groot oë,
wat maak jy hier?
C. Louis Leipoldt.

Mej. Jansen:
As ek my vreemde liefde bloot moes lê . . . .
I. D. du Plessis.

Mnr. van Schalkwyk:
Hy soek — en dit is ook al laat —
vir hom 'n kameraad,
om in die boom die eensaamheid . . . . .
Totius.

Mnr. van Wyk:
Damoen, drie maal mense hoogte,
groei al hoër — wit pilaar!
D. F. Malherbe.

Mnr. Matthysen:
„Wouf" — dis 'n blaffie van Jafta
opskrikkend meteens uit sy sluimer . . . . .
Jan F. E. Cilliers.

Mej. van Wyk:
Hul mag van kleine voetjies praat,
maar Sannie het twee knewels . . . . .
F. W. Reitz.

Mnr. Muller:
Die klein draak is so na
aan die grond en klip,
die stof vervaal sy oog . . . .
S. J. Pretorius.

Mnr. Erasmus:
. . . . en die bastergeslag
in sy siel verag . . . . .
Jan F. E. Celiers.
Connie Uys St. 7A.

GRAPPE.

Moeder: „Jannie, wil jy graag vir jou verjaardag een koek met vyf kersies hê?"
Jannie: „Mammie, ek dink ek wil liewer vyf koeke met een kersie hê."

Dit was die laaste skooldag van die jaar en klein Katrien het met trane in haar oë afskeid geneem van haar geliefde Juffrou. Met 'n stemmetjie wat breek, roep sy uit: „Ag, Juffrou, ek wens u was slim genoeg om my in standerd drie ook te leer."

"But sir, I don't believe I deserve a nought for this essay."
"Nor do I my boy, but it is the lowest mark that I can give."

Wil u weet hoe moet u gee? Stel u in die plek van hom wat moet ontvang.

Always write "man and woman" not "Lady and gentleman", unless you mean the special meaning of the latter.
"What a terrible wound," said the Magistrate. "Were you bitten by a dog?"
"No. your Woshup, it was another lady."

„Pa, dit word gesê dat 'n man aan sy vriende geken word."
„Ja."

„Wel Pa, as 'n goeie man 'n vriend is van 'n slegte man, is die goeie sleg omdat hy 'n vriend is van die slegte man, of is die slegte man goed omdat hy 'n vriend is van die goeie man?"

"My brother is a scientist, he crossed a peach and a plum and got a nectarine."
"That's not so wonderful, my brother crossed a locomotive with a motor car and got a funeral."

Die Vensters, Waardeur die Son en Vars Lug kom om Julle Gesond te hou, is Voorsien deur die Firma

FERROS (EDMS.) BPK.

Leweransiers en Fabrikante van Staal-, skuif-, opvou- en Swaaideure en Vensters

★

Diefwering en alle tipes Sweiswerk word onderneem deur

FERROS (EDMS.) BPK.

Voortrekkerweg 260a,
Gezina, PRETORIA.

★

TELEFOON 70-4698.

Ook vir ons ,**die vooraanstaande verskaffers van sand en algemene karweiondernemings,** was dit 'n besondere voorreg om ons deel te kon bydra tot die oprigting en voltooiing van die pragtige gebou vir

DIE HOËRSKOOL OOS-MOOT

MOORE'S TRANSPORT

Magdalenalaan 681,
Roseville, PRETORIA.

Dra hiermee hulle gelukwense aan leerlinge, ouers en personeel oor

★

SKAKEL: 5-4931 as u enige transport-moeilikheid het.

Die installering van alle elektriese benodigdhede in
hierdie praggebou is toevertrou aan

PENMAN & JOCHELSON
(EDMS.) BPK.

ELEKTRIESE INGINIEURS EN KONTRAKTEURS

Vermeulenstraat 420A,
PRETORIA.

HULLE WENS U 'N SKITTERENDE EN SKOKLOSE TOEKOMS TOE!!

Posbus : 611. **Telefoon : 3-6755.**

DIE

ASSOCIATED BUILDING INDUSTRIES BPK.

Kerkstraat-Wes 119,
PRETORIA.

IS DIE LEWERANSIERS EN OPRIGTERS VAN ALLE PLAFONNE
— IN DIE HOËR SKOOL OOS-MOOT SE NUWE GEBOU —

Telefoon : 2-6799. *Posbus : 665.*

Probeer:—

G. J. NIEMAND

Danie Theronstraat 155,
PRETORIA-NOORD.

★ **VIR AL U VERFWERK** ★

DAN SAL U EERS VERSTAAN WAAROM JUIS HY AS AMPTELIKE KONTRAKTEUR VIR AL DIE VERFWERK IN DIE NUWE HOËRSKOOL OOS-MOOT AANGESTEL WAS

———o———

Telefoon 5-4447

Die **LEIKLIP SWARTBORDE** waarop in die toekoms so baie waardevolle kennis gaan verskyn, is verskaf deur die

FARREN SLATE QUARRIES

(EDMS.) BPK.

Chriselle Court 16,
PRETORIA.

„Die Vooraanstaande Leiklipbewerkers"

———o———

BEL: 2-5911 vir DIENS

DIS GLASHELDER DAT DIE REGTE FIRMA
AANGESTEL WAS OM ALLE GLASWERK
IN DIE NUWE SKOOLGEBOU TE BEHAR-
TIG, NAAMLIK

E. STERNE (Edms.) Bpk.

Voortrekkerweg 310a Gezina,

PRETORIA.

———o———

TELEFOON 70-4752/3.

DIE

KINGSTED FLOORING

(EDMS.) BPK.

Rebeccastraat 25,Wes Einde.

Word aanbeveel vir alle tipes van Vloerbedek-
ing, insluitende asphalt- en blokkiesvloere
Daarom dan ook dat die Hoërskool Oos-Moot
vloerkontrak aan ons toegesê was ! !

———o———

BEL 79-5162 VIR VERDERE INLIGTING

GAAN ONS NAT REEN IN ONS NUWE SKOOL ?

Al te seker nie, want

BOTHA & KILIAN

Ockersestraat 4, Arcadia.

PRETORIA SE BEROEMDE LOODGIETERS EN DREINERINGSINGINIEURS WAS VIR HIERDIE DEEL VAN DIE WERK VERANTWOORDELIK.

———o———

Telefoon 3-2341.

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS

HULLE ONDERSTEUN ONS

MEUBELS!

MEUBELS!!

MEUBELS!!!

DIE MEUBELSAAK WAAR VRIENDELIKE DIENS — Kwaliteit — lae pryse en gerieflike voorwaardes gekombineer word!

ONOORTREFLIK!

VIERKAMER-SKEMA

Dubbel-slaapkamerstel met luukse binneveer matras — Sitkamerstel in Kiaat — Okkerneut of Imbuia — Eetkamerstel in Imbuia of Kiaat — Kombuisstel (ses-stuk) vanaf

30/- PER WEEK.

DRIEKAMER-SKEMA

Dubbel-slaapkamerstel met luukse binneveer-matras — Eetkamerstel in Kiaat of Imbuia — (ses-stuk) Kombuisstel vanaf

24/- PER WEEK.

RUIL U OU MEUBELS IN AS DEPOSITO.

10% Deposito op **alle** Huurkooptransaksies. Kom spreek my i.v.m. spesiale voordelige skemas vir Polisie-, Onderwys- en Siviele amptenare.

POSBESTELLINGS GENIET SPESIALE AANDAG.

NIC VENTER

ANDRIESSTRAT 282,

PRETORIA.

Posbus 1207

Foon 3-2274/5.

„Kry 'n Kommando!"



Suid-Afrika se Geliefkoosde Sigaret

FILTER ● KURK ● ONGEKURK

Gedruk deur die Aurora Drukpers, 41 Brownstraat, Pretoria.